# Oepsie !!

## 'n Politieke komedie

deur

## Nico Luwes

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Prof. Nico Luwes

e-posadres: luwes@ufs.ac.za

# OEPSIE !!

# 'n POLITIEKE KOMEDIE

# DEUR

# N LUWES

# DRAMATIS PERSONAE

| | |
|---|---|
| **MENEER DP DU TOIT-DU PREEZ:** | Gewese NP, tans DP en toekomstige ANC-LP vir Pretoria. Voormalige prokureur maar tans in 'n meer betalende beroep (± 45 jaar) |
| **WELLWITCHIA DU TOIT-DU PREEZ:** | Sy snobistiese vrou. Voorsitter van die straatkinderprojek. (Haar pa het haar naam so gespel!) (± 44 jaar) |
| **MARLOEZEI-MARTINETTE:** | DP se dogter by sy eerste vrou. Tans student te Universiteit Kaapstad. Ook bekend as Mossie of MM. (19 jaar) |
| **DAAN BRAND:** | MM se nuwe vriend. Hy is 'n dokter. (26 jaar) |
| **SARA BRAND:** | ~~Jan~~ Daan se moeder. 'n Dame met gesag. Tans streeksekretaris van die ANC te Kaapstad. (44 jaar) |
| **INDEPENDANCE:** | Reeds jare lank die Du Toit-du Preez's se huishoudster. 'n Vrou met beginsels. (Enige ouderdom) |
| **MEV. RINA SNYMAN:** | 'n Vrou van min woorde. (Enige ouderdom) |
| **'N MAN OF VROU:** | Taxibestuurder. Die verhoogbestuurder? |

## OEPSIE!

DIT IS DIE JAAR 1994. VROEG IN APRIL. ENKELE DAE VOOR DIE DATUM. ONGEVEER 12-UUR DIE OGGEND. OP DIE VERHOOG DIE WOONKAMER VAN DIE DU TOIT-DU PREEZ SE LUUKSE WOONSTEL, WAT DEUR DIE PARLEMENT BETAAL WORD, IN DIE PLEK - DIS NATUURLIK PRETORIA.

REGS AGTER KOM 'N VOORDEUR IN OP 'N ENKELVLAK ROSTRUM WAT DIE INGANGSPORTAAL UITMAAK. 'N TRAPPIE VAN DIE LANDINGSPLATVORM LEI AF TOT IN DIE SITGEDEELTE. REGS VOOR DIE PLATVORMPIE 'N "NOEKIE" VIR DIE LESSENAAR MET 'N DRATELEFOON OP. AGTER NA REGS LOOP 'N GANG OF 'N TRAP NA BO NA DIE EGPAAR SE SLAAPSUITE. LINKS AGTER LEI DIE GANG NA MARLOEZEI-MARTINETTE SE KAMER, OOK GENOEM DIE PIENK KAMER en die OUGOUD-EN-GROEN-GASTE-KAMER VIR EREGASTE. (ONS SIEN DIT GELUKKIG NOOIT!) LINKS VOOR LEI 'N DEUR NA DIE KOMBUIS EN INDEPENDANCE SE BUITEKAMER ASOOK DIE BUITETOILET VIR HUISHULPE/DIENSWERKERS.

DIE INKLEDING WEERSPIEëL VERSKILLENDE FINANSIëLE TYDPERKE EN BLYPLEKKE IN DIE GESIN SE LEWE. TEEN DIE AGTERSTE MUUR 'N MODERNE LEON DU BLIQUY-SKILDERY LANGS EEN VAN VADER CLAERHOUT SE DONKIES. TEEN DIE MUUR 'N OREGONPINE-KASSIE MET 'N VERSAMELING BLOUBORDE EN KOPERSTUKKIES OP DIE EEN RAK EN 'N SKOKKENDE HOEVEELHEID OUDTYDSE BLOUBOTTEL-MET-DIE-RIFFELMAAG-BOTTELTJIES OP DIE ONDER-RAKKIE. BOKANT DIE LESSENAAR, HANS DIE SKIPPER MET SY PYP WAT OORSTAAR NA TRETCHIKOV SE BLOU-GROEN MEID UIT JAVA TEEN DIE ONDERKANTSTE MUUR. DIE SITSTEL IS UIT LIGPIENK LEER MET 'N GLASBLADTAFELTJIE WAAROP 'N "DE KAT", 'N KEN KIRSTEN-TUINBOEK EN 'N "GARDEN & HOME" Lê. DIE BOEKE WORD DOPGEHOU DEUR 'N KLEI-TARENTAAL, OF 'N GEVERFDE HOUTGANS, OF 'N LêENDE PAAR SEEKOEIE UIT "BRONSTIGE" KERAMIEK. LANGS DIE VOORDEUR 'N VERKOPERDE MELKKAN MET WILDE GRASSE EN 'N ENKELE PLUIM. IEWERS 'N COCUS PLUMOSA-PALM IN 'N WYNVAT. ALLES IS GEHUL IN PIKANTE BIGGIE BEST-GORDYNE VOOR DIE VENSTERS WAT HERHAAL WORD OP DIE LOS KUSSINGS OP DIE BANK EN STOELE. DIE HELE OU SPUL LYK AMPER AS VOLG:

## BEDRYF I

DIS 12 UUR DIE OGGEND. WELLWITCHIA (HIERNA AANGEDUI AS "WELL") KOM DIE TRAP VANAF HUL KAMER BINNEGEPARADEER MET 'N MIGRAINE. DEFTIG GEKLEE IN 'N FORMELE PAKKIE EN HOEPOLVYSKOENTJIES. SY HOU 'N YSSAKKIE TEEN HAAR SLAAP. SY HET 'N HOE-KOEL EN IRRITEREND-HOFLIKE STEMTOON. HAAR LAASTE ONTRIMPELINGSOPERASIE WAS NIE 'N SUKSES NIE. HAAR NEUS TREK OP SOOS 'N BEKENDE AFRIKAANSE AKTRISE WAT OOK AKADEMIKUS EN BALLETRESENSENT IS. AL HAAR MOOIHEID AS KOLLEGE-STUDENT IS VERLORE AS GEVOLG VAN DIE STATUSBEWUSTHEID WAT HAAR VERANDER HET VAN 'N LEKKER LOS, VRYERIGE STUDENT TOT 'N PYN-TUSSEN-DIE-GROOTTONE-SNOB. DIS NIE HAAR DAG NIE. OOK DIE HARTROERENDE KLANKE VAN TV2 UIT DIE KOMBUIS WAT DIE VERTREK VUL, STAAN HAAR NIE AAN NIE.

WELL: Independance!!!

INDEPENDANCE: (IN KOMBUIS.) Mies!??

WELL: Independance! Kom tog net hier!

INDEPENDANCE: Wat's dit, Mies?

WELL: (IETWAT ONGEDULDIG.) Independance! Mevrou roep vir jou! Kom nou dadelik!

INDEPENDANCE: Ek is op pad, Mies! Maar as ek nou kom "flood" ek die hele kombuis. Die Kleinbaas se "change" het die filter verstop! Ek draai net die ding vas!

WELL: En sit tog daardie gejil sagter! Ons bly in Pretoria, nie in Hillbrow nie! Sit sagter!!

(DIE KLANK WORD AFGEDRAAI.)

WELL: (IN STOEL.) Dis g'n wonder jy hoor nie die telefoon nie. Daardie Snyman-vrou het al twee keer vanoggend geskakel. Wat wil sy hê?

INDEPENDANCE: Ag dis sommer "personal business", Mevrou.

WELL: (LEUN AGTERTOE OM TE KYK NA KOMBUIS.) Daardie vrou se stemtoon irriteer my grensloos. Waar bly jy?

INDEPENDANCE: Hier's ek, Mevrou. (SY KOM IN, GEKLEE IN 'N FORMELE PIENK BEDIENDE-UNIFORM WAT SY MET 'N PASSIE HAAT. BY DIT DRA SY HAAR TRADISIONELE ROOIGEBLOMDE KOPDOEK.) Ek sal die "change" maar hou vir al my moeite. Ek het al hoeveel keer vir Meneer gesê hy moet nie die klere net so op 'n hoop gooi nie. En dan los hy die geld ...

WELL: Independance. Waar is jou kappie?

INDEPENDANCE: Waar hy hoort en waar hy goed lyk. Om die teepot in my kamer. Mies moet net sien hoe lekker werk hy!

WELL: Regtig, Independance - 'n mens wil julle leer, maar julle verstaan net nie klas nie!!

INDEPENDANCE: Daai ding lyk soos 'n "christmas rose" op my kop! En sy rek druk my ore se are dood dan kry ek 'n floute op my brein.

WELL: Ek het jou gevra om die ding te dra. Veral vandag. Ons kry mense!

INDEPENDANCE: Maar Mevrou verstaan nie. Ek het die rek laat skiet vir die floutes. Elke keer wat ek buk val my snuifblik in die wasbak. Het Mevrou al nat snuif geprobeer snuif? Die goed pak so in mens se neus dat ...

WELL: (OP) As ... se ... blief! Independance! (SIT) Kan ons die saak daar laat.

INDEPENDANCE: Ag dankie, Mies. Ek voel ôk die doek het meer styl.

WELL: En hou asseblief op om vir my "Mies" te sê.

INDEPENDANCE: Hoe nou, Mies?

WELL: Sê maar net weer "Mevrou" asseblief.

INDEPENDANCE: (KWAAD.) Ag nee, djirre! Laas week toe daai generaal-besigheid en die kwaai ou met die swart perd vir die Kleinbaas kom sien was ek net mooi ingeoefen met "Mevrou", maar toe's dit nou weer "Mies" en nou's dit weer "Mevrou". Mies moet nou Mevrou se maaind opmaak!

WELL: (KRY 'N SIGARET) Kyk, Independance, ek wil dit nie eers begin verduidelik nie.

INDEPENDANCE: Traai my. Dalk verstaan ek.

WELL: Meneer was LP vir die NP maar nou stap hy oor na die DP. Verstaan? Van vandag af is hy DP.

INDEPENDANCE: Hy was nog altyd DP! DP du Toit-du Preez. Hy "sign" so op al die tjeks wat ek moet skryf vir die "accounts".

WELL: Dis politiek, Independance. Hy was dié DP du Toit-du Preez van die NP maar nou's hy die DP du Toit-du Preez van die DP.

INDEPENDANCE: Plaas Meneer maar net 'n prokureur gebly het. Sonner die "EN PEE" en die "DEE PEE" was ons almal "happy". Mossie ook! Dit was lekker dae voor haar ma dood is! Maar nee! Toe Meneer nou met Mevrou trou toe's dit net "politics politics!" En nou is Mies weer Mevrou? Of is "mevrou" nou weer 'n "me"?

WELL: Kyk, laat ek dit so stel. 'n DP se dienswerkers sê vir hulle Base en Miesiese "Meneer" en "Mevrou".

INDEPENDANCE: O, daai soort! Ja ek ken hulle! Jy kom by die voordeur klop dan gee hulle vir jou tee in 'n koppie saam met 'n snytjie "toast".

WELL: Dit sal ek nou nie weet nie.

INDEPENDANCE: Nee dit is so! En die boersoort laat jou omgaan kombuis toe en dan gee hulle vir jou 'n groot beker koffie, dik van die suiker, saam met twee snye bruinbrood en "jam". Dis nou die "Mies"-soort.

WELL: Sê in vadersnaam net vir my "Mevrou"!

INDEPENDANCE: Tot baas Eugene met die perd weer kom?

WEL: (OP.) Independance! Bring net vir my 'n pil! (SY GAAN LÊ OP DIE BANK.)

INDEPENDANCE: (OP PAD NA KOMBUIS.) Soek Mevrou 'n Disprin vir 'n kopseer of 'n Syndoll vir 'n migraine?

WELL: Gee vir my 'n Triptinoll!

INDEPENDANCE: (IN KOMBUIS.) Mevrou, moenie vir Mevrou so opwerk nie. 'n Mens se kliere pak op en dan moet hulle jou "goiter" uitsny. (SY KRAP IN DIE KAS EN KOM TERUG MET 'N PIL EN 'N KOPPIE WATER.) Al 'n mens se kliere gaan staan naderhand stokstil soos 'n taxi in Thokoza. Almal "moan" en "groan" om jou maar jou "fuel" is uit! (SY GEE DIE PIL.) Hierso, Mevrou. Sorry vir die koppie maar ek spaar die "cutglass" vir die "party" van vanaand.

WELL: Ek is seker daar moet iewers nog 'n gewone glas in hierdie huis wees.

INDEPENDANCE: Daai tyd toe meneer nog Bols gekoop het vir die glas wat jy bykry het ons genoeg glase gehad, maar nou's dit net White Horse en wat maak mens nou met 'n "miniature" plêstiek perd?

WELL: Dit gaan oor klas, Independance. 'n DP drink nie brandewyn nie. Dis so .... Vrystaats!

INDEPENDANCE: Mevrou vergeet ek kom van Brandfort af. Ek en daai vrou met die soft spot vir die laaities met die baie metjies en die min stompies kom altwee daarvan af en ons drink altwee bran-

dewyn. Ons "roots" is reg, Mevrou, ons hoef niemand te "impress" nie.

WELL: Independance, ek is oortuig daarvan dat jy oorreageer. As jy jou Bols wil drink, drink jou Bols. Meneer verkies whisky. Dit is soveel meer beskaafd op die tong.

INDEPENDANCE: Smaak vir my na Pêrrepis.

WELL: Independance!! Kom sit, ek wil met jou praat.

INDEPENDANCE: (SIT VOOR HAAR OP DIE MAT.) Reg, Mevrou.

WELL: (MOEDELOOS.) Op ... die ... stoel, Independance!

INDEPENDANCE: Hoe nou, Mies?

WELL: (AFGEMETE.) Op ... die ... STOEL!

INDEPENDANCE: Reg, Mies. (SY STAAN OP.)

WELL: (ONTPLOF.) En moenie vir my sê "MIES" nie!!

INDEPENDANCE: Reg Mies! (SIT BLITSVINNIG, ONGEMAKLIK OP DIE STOEL SE PUNT.) Ek meen, "Mevrou".

WELL: (HAAR TRIPTONOLL BEGIN TREK EN SY RAAK KALMER.) Nou luister nou mooi. Ek en Meneer weet jy het vir Marloezei-Martinette so te sê op jou rug groot geabba, en jy werk al vir ons van ons Stellenbosch-dae af en ons weet jy wil haar graag vanaand weer sien na haar halfjaar aan die Universiteit van Kaapstad ...

INDEPENDANCE: Is so, Mevrou.

WELL: ... maar ek en Meneer het besluit dat jy regtig nou 'n bietjie rus en vrede nodig het en dat jy gerus vir jou mense op Brandfort kan gaan kuier.

INDEPENDANCE: (OP) Maar, Mevrou ...

WELL: Sit, sit, sit! Hierdie naweek het vir ons na 'n gerieflike en 'n gepaste naweek gevoel. Ons het dus vir jou 'n eersteklas kaartjie op die GreyHound ...

INDEPENDANCE: Ag nee, Mevrou! Julle is altwee verkeerd! Ek wil nie net vir Mossie sien nie, ek wil haar nuwe kêrel sien.

WELL: Haar naam is Marloezei-Martinette! En dit is volgens haar net 'n goeie vriend - nie 'n kêrel nie!

INDEPENDANCE: Nou maar goed: Ek sê mos ek wil nie vir Mossie sien nie. Ek wil sien hoe lyk haar nuwe vriend. Sy sê op die "phone" hy's 'n dokter en 'n filosoof en haar mantoor. Nou wil ek kyk hoe lyk 'n kêrel wat al daai watsenaamse ook nog kan wees.

WELL: (OP) Ek dink regtig ...

INDEPENDANCE: Nee, sit, sit, sit! Mevrou! Ek het daai kind grootgedra. Ek moet mos my "consent" gee!

WELL: Daar is geen sprake van "consent" op hierdie stadium nie, Independance! Hulle is slegs vriende!

INDEPENDANCE: Ja! So het Tarzan vir Jane ook uit die takke uit "getalk". (DIE TELEFOON LUI. INDEPENDANCE GAAN ANTWOORD.) Mevrou en meneer kan maar oorloop IFP toe ôk - ek bly net hier! (IN FOON), Hallo, Good afternoon, dumela, goeiemôre, hallo! Dit is die woning van Baasmeneer en die Miesiesmevrou Du Toit-du Preez LP vir die NP (SY DRUK DIE SPREEKBUIS TOE EN FLUISTER VIR WELL WAT REEDS NA DIE FOON KOM.) Dis daai Cohen-vrou van die "committee for street children". Ek hoor haar oorbelle tot hier toe "rattle". (SY GEE DIE TELEFOON VIR WELL EN BEGIN 'N DANS UITVOER TERWYN SY SING.) Hawa! Na giena Hawa! Na giena Hawa! Na giena, ha-ha-wa!

WELL: Hou onmiddellik op! Waar is jou maniere?!

INDEPENDANCE : (IETWAT AFGEHAAL.) Maar Mevrou maak dan altyd so as sy loop na die "meetings"?

WELL: (NEEM FOON. OORVRIENDELIK MET 'N SWEEMPIE VAN 'N AKSENT!.) Hallo Lesley! What a nice surprize! What? No it's something on the radio, dear. (SY WYS VIR INDEPENDANCE OM TE GAAN.) No. Sorry my dear, I can't come to the committee meeting today. Marloezei-Martinette is coming up to introduce us to a special friend. Her mentor yes! Yes! A medical docter from Cape Town. Medicine yes - of course! No Afrikaans - but fully bilingual ... Jên Brênd. Apparently very intelligent. No, we haven't met him. Yes, it's a big surprize to us as well. Yes, tonight ... Thank you! I hope he's nice too.

(SKIELIK ERNSTIG - DIE "JOODSE" AKSENT VERGETE)

OK! Now! Listen Lesley, all you have to do is to pay the money into my account number and I'll see that the Buying Committee buys the food for the poor street children. (VERERGD) Listen here, Lesley, I'm the chairlady! - not a blêrrie disposer of food to filthy children in the streets who should be at home with their parents anyway! I organize things! Understood? Thank you. (SKIELIK MEER IN KONTROLE.) AS we say in the boeretaal, "Skoenmaker hou jou by jou lees". What? O! It's something like "Let's do what we are told to do ..."

O.K. Here is the number. One second (VIR INDEPENDANCE) Boekie! (INDEPENDANCE KRY 'N SWART BOEKIE IN DIE LESSENAAR SE LAAI.) Here it is! National Bank of Botswana, Francistown, number 1968-362836.(INDEPENDANCE MIMIEK HAAR MATES AGTER HAAR.) Yes we've got to do it this way to save tax, dear. And the Rand is dropping so fast we must rely on the pula. (VIR INDEPENDANCE TERWYL FOON TOEGEDRUK WORD.) Independance, gee vir my 'n sigaret. Hierdie vrou maak my mal! (INDEPENDANCE KRY DIE PAKKIE IN WELL SE HANDSAK OP DIE TAFEL. SY SOEK 'N TYDJIE NA 'N AANSTEKER EN VIND DAN LATER EEN VOOR IN HAAR EIE ROK.) We keep it in Botswana for a month or so. That will save you from standing on the street corners for at least a week. And then we buy the food. We don't want the children to starve - do we? Every

inch of boerewors is of importance to those children. OK! Thank you! (SY WILL DIE FOON NEERSIT MAAR LESLEY PRAAT NOG.) No my dear! You cannot appoint your brother's sister-in-law's daughter into the vacation of wellfare worker. I know she studied at Durban-Westville but she is not fully qualified as a social worker yet. This girl has been told how many times that she still needs another ... another ... (MET FOON TOE VIR INDEPENDANCE) Independance, wat is die Engels vir 'n vak?

INDEPENDANCE: 'n Wat?!

WELL: 'n Vak!

INDEPENDANCE: O! 'n "subject"

WELL: Yes! (IN FOON.) She still needs another subject. And she must have some experience with street children. ('N TOETER BLAAS BUITE. WEER MET FOON TOE.) Ag moenie vir my sê Meneer se "megefter" is al weer pap nie. Independance, gaan druk vir Meneer sy knoppie. (INDEPENDANCE AF NA KOMBUIS.) Have you got the bank number now? Use your eyebrow pencil dear! 0413 282812. Yes. Today please. Bye! Lesley dear! (SY SIT DIE TELEFOON NEER EN SKAKEL DRINGEND 'N NOMMER TERWYL SY DIE KOMBUISDEUR DOPHOU.) Hallo, Jean! Ja dis ek. Ek dink dis in. Teen vanmiddag se kant. Maar vanaand is dit definitief in. Tatta. DP is op pad in. Ek kan nie nou kom nie, nee, Tatta, Lief! (FOON NEER.)

(DP KOM INGESTAP UIT KOMBUIS MET SY AKTETAS, GEKLEE IN 'N SILWERGRYS PAK MET 'N SPIERWIT HEMP, MODIEUSE DAS EN SWART STOMPNEUS SKOENE. HY BLY STAAN TERWYL INDEPENDANCE SY AKTETAS BY HOM VAT EN OP DIE LESSENAAR GAAN NEERSIT, SY BAADJIE UITTREK EN BO GAAN OPGANG, SY DAS KOM LOSMAAK, SY WHISKEY EN YS MET 'N TANGETJIE IN SY GLAS KOM PLAAS EN DAN SIT HY. INTUSSEN PRAAT WELL NOG EEN STRYK DEUR.)

WELL: (STROPERIG.) Hallo Poeksie! My skat jy lyk goed. Ek het 'n vreeslike migraine. (HY WIL HAAR SOEN, SY DRAAI HAAR WANG NA HOM EN SY GAAN SIT.) Lekker gewerk? Daai bobbejaan van Tuindienste het my Azalea met sy grasvreter verpletter. Jy sal moet optree, DP. Is jy moeg? Jy lyk verwoes, my skat. O ja, ek het fantastiese nuus! Die telefoonrekening is af van R315.00 na R302.00. (DP KOM AGTER BANK UIT OM TE KOM SIT. AGTER DIE BANK HET HY 'N GROOT PAAR WOLLERIGE TEDDYBEER-PANTOFFELS AANGETREK.) Dit laat my nou dink! Het jy geld getrek vir Independance - ons moet haar vandag betaal. O ja! Marloezei-Martinette het al nege uur uit Bloemfontein gebel. Sy het gister al gery en by die Aucamps se kinders gaan slaap. Jy onthou mos vir Isané-Marie né?

DP: Wat gaan met jou aan, Wellwitchia?

WELL: (HALF HISTERIES.) Jy sal 'n plan met Independance moet maak. Sy wil vanaand hier bly!

DP: Nou laat haar bly!

WELL: Maar jy verstaan nie skat! Jy is nou 'n DP! Jy kan nie 'n swart bediende in jou <u>garage</u> aanhou nie! Wat gaan die dokter van ons dink?! Jy moet werk aan jou nuwe beeld!

DP: Dalk moes ek eerder oorgegaan het Volksfront toe.

WELL: Is jy nou heeltemal mal? Ons weet nie wat gebeur na Die Datum nie! Uit die DP kan jy met geloofwaardigheid oorstap ANC toe. Ons het dit mos bespreek, my skat! Waarheen loop jy van die Volksfront? Ek sê nog jy moes direk oorgegaan het van die NP na die ANC.

DP: As ek NP gebly het kon ek nog na enige kant toe oorgespring het - afhangende van die uitslag. Regs of links! Waar die duiwel spring ek heen as ek eers regs of links was?

WELL: Hou jou opsies net oop, DP. (SY LÊ OP DIE BANK.)

INDEPENDANCE: (KOM UIT KAMER BO.) Loop staan en word net weer 'n prokureur. Dit betaal nou nie so goed soos die "politics" nie, maar dan weet ek ten minste ek het 'n "pay" aan die einde van die maand. Wil Meneer 'n dop hê of 'n "tjop"?

DP: Kry maar vir ons almal 'n "chicken" en 'n "tjip" by die Chicken Licken. Ek aanvaar dus Well dat jy nie gekook het nie?

WELL: Nee, ons gaan mos uiteet vanaand.

INDEPENDANCE: En ek sit weer met 'n flippen blik pilchards. As Meneer nie omgee nie koop ek sommer vir my vir vanaand 'n "rounder" by Kentucky.

DP: Natuurlik, Independance. (INDEPENDANCE SKUD HAAR HAND VOOR SY GESIG.) O ja, hierso. (HY HAAL SY SLEUTELS UIT SY SAK EN OORHANDIG DIT VIR HAAR.) Kyk in my tas is die garagekaart (INDEPENDANCE OOR NA LESSENAAR EN MAAK AKTETAS OOP.) Maak sommer die tenk vol en laat kyk na die olie en water.

INDEPENDANCE: Hierdie 500 Merc is baie swaarder op petrol as Meneer se ou Skyline.

DP: Toemaar, Independance, ek betaal nie self nie.

INDEPENDANCE: Watter kaart is dit?

DP: Die een met die stiebeuel op. O nee. Die nuwe een met die son op. Het jy kontant vir die kos, Well?

WELL: Al wat ek het is 'n hoofpyn!

DP: Waar is die tjekboek, Independance?

INDEPENDANCE: Op sy plek waar hy hoort waar ek hom kan kry (SY HAAL DIE TJEKBOEK UIT HAAR KOPDOEK UIT EN OORHANDIG DIT TESAME MET 'N PEN AAN DP.)

DP: Dankie (HY TEKEN DIE BLANKO TJEK.) En Independance, onthou nou P staan vir-parkeer en nie petrol nie.

INDEPENDANCE: (OP PAD NA KOMBUIS.) Nee, ek het hom nou mooi, Meneer. Die N vir Nou-Nou "start", die R vir Reguit agtertoe en die D vir "Direct" vorentoe! (SY IS AF.)

DP: Net so, Independance, net so! Jy ontstel jou net te veel, Well. Waarom jy nou ook 'n wit bediendetjie vir die naweek wil aanstel weet nugter.

WELL: (SIT REGOP.) DP, jy kan dit maar net nie in daardie politieke vakuum tussen jou ore kry dat jy vir 'n ander party staan nie! Jy moet dink aan jou beeld!

DP: Doen dit darem net meer subtiel!

WELL: Ek probeer al die hele dag om van haar ontslae te raak, maar sy weier om te gaan.

DP: Nou gebruik altwee. Independance in die kombuis en die nuwe enetjie vir bediening. (INDEPENDANCE KOM ONGEMERK BY DIE KOMBUISDEUR IN.)

WELL: Ek kan nie! As Independance die nuwe een hier kry smyt sy haar hier voor die dokter met 'n helse kabaal uit. Ek wag net tot Independance loop dan skakel ek haar.

INDEPENDANCE: So, dis nou die storie nê! Al die jare doen ek julle vuilwerk en nou's ek nie meer goed genoeg nie!?

WELL: (OP.) Independance, luister nou ...

INDEPENDANCE: Nee! Moet nie nou met my kom "negotiate" nie! Ek het gehoor wat ek gehoor het.

DP: (OP, NA HAAR.) Independance!

INDEPENDANCE: Nee, ek het gedag Meneer is my Meneer, maar nou sien ek Mevrou het al klaar vir Meneer ôk teen my gebeïnfluence!"

(SIT DIE SLEUTELS MET GESAG IN SY HAND.) Meneer kan Meneer se eie Chicken gaan licken en ek hoop Meneer verstik weer soos laas en ek sal nie hier wees om Meneer te slaat nie. Koebaai! (SY GAAN KOMBUIS TOE.)

WELL: Maar probeer tog verstaan! Dis uit dankbaarheid dat ons vir jou vakansie wil gee.

INDEPENDANCE: Ag so?

DP: Ja, ons het regtig gedink jy verdien 'n ruskansie!

INDEPENDANCE: So, dis nou "five-star" al die pad Mauritius toe?

DP: Wel ons het darem nou nie gedink om só ekstravagant te gaan nie ...

WELL: Ons kry vir jou 'n buskaartjie en dan gaan kuier jy vir jou mense op Brandfort.

INDEPENDANCE: Op 'n bus verby Soweto? Mevrou is seker mal, hulle skiet al die mense tot op Beaufort!

WELL: Nou vat die blekselse vliegtuig!

INDEPENDANCE: Ek vlieg nie Flitestar nie. Hulle kos is te min.

WELL: Jy kon meer gevra het! Ek het jou dit hoeveel keer gesê. (SY GAAN SIT WEER.)

INDEPENDANCE: En hoe kom ek van die "aeroplane" af tot op Brandfort?

DP: Ek sal reël vir 'n motor, Independance!

INDEPENDANCE: Outomatic?

DP: Nou goed.

WELL: (OPGEWONDE OP.) Nou ja! Dan is alles afgehandel né? Gaan pak solank jou goedjies.

| | |
|---|---|
| INDEPENDANCE: | Hoe laat is die "flight"? |
| DP: | Daar is een half drie. Ons kan dit nog maak. |
| INDEPENDANCE: | Hoe laat kom die dokter van die Kaap af? |
| WELL: | So teen sesuur. |
| INDEPENDANCE: | Ja nee dan sal ek darem ordentlik uit die pad uit wees vir die grênd mense né! |
| DP: | Moet asseblief nou net nie weer begin nie! |
| INDEPENDANCE: | OK! Ek gaan tot volgende Woensdag. Maar ek sê vir jou Mevrou, hier "deep down" is ek ge"hurt"! (SY STAP AF KOMBUIS TOE.) |
| DP: | Ek sal bel. (NA TELEFOON.) O ja Independance maak vir my tee. Ek sterf van die dors. |
| INDEPENDANCE: | (IN KOMBUIS.) Asse? |
| DP: | As jy klaar gepak het (KOMBUISDEUR KLAP.) |
| WELL: | (NA KOMBUIS.) Ek is nou maar jammer vir die onderonsie DP, maar sy sal net moet leer om te luister. (IN KOMBUIS.) En jy sal haar moet lughawe toe neem, my skat. Dit sal uitstekend wees vir jou beeld as jy haar in die vertreksaal afsien. Ek gaan 'n rukkie lê. (SY KOM IN MET 'N ENGELSE KOMKOMMER.) Dis tyd vir my komkommerterapie. (NA HAAR KAMER.) En moet my asseblief nie kom steur nie. Nou toe! Skakel nou. (AF.) |
| DP: | (SUG EN GAAN NA LESSENAAR OM TE SKAKEL. DEUR DIE TONEEL LOOP HY MET DIE DRA-TELEFOON ROND EN SKINK VIR HOM NOG 'N DRANKIE. ENS.) Hallo, S.A.L. Kan ek met Ray praat asseblief. Ek weet hy is besig juffie. Sê vir hom dis DP du Toit-du Preez, LP vir die NP hier en vra hom of hy nog besig is. Hallo Ray. Luister ou ding, ek moet dringend 'n kaartjie kry vir vanmiddag se vlug na Bloem. Kan jy iets vir my doen? Dankie. |

Debiteer sommer die Party! Nee, dis vir mevrou DP du Toit-du Preez. Eersteklas asseblief. O ja, Ray, ek het met die valuta-mense en die doeane-mense gepraat oor die ongelukkige insident verlede week van Switserland af. Jy kan jou kamera opeis en die ander sakie is afgehandel. Dis 'n plesier. En stuur asseblief vir my 'n motor om Independance te kom haal. Ja, Independance - sy reis in Mevrou se plek. Die motor? Ook sommer teen die Party, asseblief. Dankie. Ander dag doen ek weer vir jou 'n ou ietsie, né!

MM: (HET INTUSSEN BY DIE VOORDEUR INGEKOM. DP SIEN HAAR NOG NIE. SY IS GEKLEE IN 'N SWART KLOKBROEK, SWART LOSHANGENDE T-HEMP, SWART HOë SWAAR STEWELS, 'N PEACE-TEKEN AAN 'N KETTING OM DIE NEK, GROOT SAK, 'N KLEIN RONDE SWART DONKERBRIL, SLIERTERIGE SWART HARE ONDER 'N SWART HIPPIE-HOED MET 'N SWART BLOM. KORTOM, SY LYK SOOS 'N UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD-STUDENT MAAR SY IS DAREM NOG GESOND! VERSIGTIG.) Hallo! Iemand tuis?

DP: (VANG HAAR NET MET DIE OOG.) Dankie, Ray, jy's 'n "darling" (FOON NEER.) Blêrrie mofgat! (AF NA MM.) Jammer ... dame, maar ek dink jy's ietwat vroeg. Mevrou het u eintlik vanaand nodig. As Independance u hier kry, maak sy jou dood!

MM: (HAAL HAAR BRIL AF.) Hallo. Pa!

DP: My goeie heiden, Marloezei! Wat het gebeur?

MM: Wat het waar gebeur?

DP: Wat het met jou gebeur!?

MM: Wat het wanneer met my waar gebeur!?

DP: Kyk hoe lyk jy!? (NA HAAR.)

MM: Aaag Paaaa! Is Pa nie bly ek is by die huis nie?

DP: Natuurlik Marloezei, maar kyk hoe lyk jy. Kyk hoe lyk jy! Kyk hoe lyk jy!! (ELKE KEER SO 'N TWEE STEMTONE OP!)

MM Ek is orraait, Pa! Dis die nuwe "image". (SY BETRAG HOM REG RONDOM.) Eintlik behoort Pa nou te begin om 'n Kaftan te dra. Dis "stunning" vir "public image"!

DP: Jy is seker besimpeld!

MM: Maar dis so ... AFRIKA!!

DP: Wel ek verkies om my Europese wortels ten toon te stel. My voorouers was Hugenote met Franse brood en knoffel in hulle are. (HY BEGIN LAG.) Jy lyk regtig nie goed nie, Marloezei! Hallo my kind! (HY OMHELS HAAR.) Welkom tuis.

MM: Waar is Wellwitchia?

DP: (VERSIGTIG.) Jy bedoel seker, "waar is jou ma?"

MM: Ag, Pa, kom ons los dit eerder. Waar is sy?

DP: Sy lê 'n bietjie ... sy het ...

MM: ... alweer 'n migraine. Ja nee dis duidelik. Haar stiefdogter is weer tuis.

DP: (PROBEER DIE ONDERWERP VERANDER.) Jy's vroeg! Hoe het jy gery? (HY GAAN SIT.)

MM: Vorentoe. (SY SIT OOK.)

DP: (GLIMLAG.) Marloezei! Hoe het die Mazda gemaak?

MM: Ketak! Ketak, Ketak! Tot hier! Stunning!

DP: Ek kan nie verstaan hoekom jy nie wil vlieg nie. Dit kos ons regtig niks.

MM: Maar dis so kômmin! Ek bedoel almal vlieg deesdae en mens het nie ruimte om jou elmboë nie. Om te ry is so ... Afrika! Ek

het in die Karoo gestop en omtrent "gecrack". Dis so ... Karoo!! Jy's tussen die elemente! Die lug, wind, die grond ...

DP: Boggerôl water en moer's warm, ja! (JY STAAN OP.) Kom ons gaan laai af.

MM: (TREK HOM TERUG.) Toemaar Pa, Ontspan tog net. (SY PLUK HAAR SAK OOP.) Dis als!

DP: Wat?

MM: Dis al my goed. Mens het so min nodig in die Kaap. Alles is so elementêr, so post-modern, so ... Kaaps!!

DP: En wat dink hierdie nuwe doktersvriend daarvan?

MM: Hy dink dis "stunning:. Dis so ... "basic"!

DP: Nou vertel my van die kêrel!

MM: Hy's eintlik nog nie my kêrel nie ... hy's net ... ag ... hy's my mentor. Hy het my soort van ingewy in die Kaap ... Hy ...

INDEPENDANCE: (OP MET MENEER SE TEE UIT DIE KOMBUIS.) Maar my aarde, hoor ek reg! Mossie!! My magtag kind, maar jy lyk smaart!!

MM: (OP.) Independance!! Hoe gaan dit? (OMHELS HAAR)

INDEPENDANCE : (SIT DIE TEE NEER.) Aangetrek so uit die boeke uit! Ga! Ga! Ga! Kom draai laat ek sien!

MM: (KOM DRAAIDANS VOOR INDEPENDANCE. SY SING VROLIK.) Twee van dié en twee van daai!

INDEPENDANCE: (VAL IN EN KLAP HANDE.) Aai, Koebaai, maar die kind lyk fraai!

SAAM: Vanaand dans die meide dat hul boude swaai!!

DP: (OP.) Stadig nou mense! Mevrou ...

| | |
|---|---|
| INDEPENDANCE: | ... het 'n migraine ... Ja ons weet! En waar is die dokter? |
| MM: | Hy't probeer vir die dagvlug, maar hy sal moet wag vir 'n kansellasie. Ek dink eers vanaand. |
| INDEPENDANCE: | En hoe is hy? Die doktertjie? |
| MM: | Ag ek kan nie eintlik sê nie ... hy's so ... so ... |
| INDEPENDANCE: | (BEGIN WEER SING EN DANS.) Ja, nee! Ek wéét. Aai Koelaai, maar die man is gelaai! Vanaand pronk die manne lat die ... |
| WELL: | (HOOGS ONTSTELD UIT OP TRAP BO MET TWEE KOMKOMMER-SKYFIES VASGEDRUK OP HAAR OË.) Independance!! Gedra vir jou! (SY VERWYDER DIE SKYFIES.) Wat is hier aan die gang!? (SIEN MARLOEZEI.) Marloezei? |
| DP: | Ja. Sy het vroeg opgedaag - veilig gery en alles! |
| WELL: | (KOUD) Ag nee wat! Marloezei-Martinette! (SY KOM AF.) Is dit nou regtig nodig om so 'n bohaai op te skop? |
| DP: | Hulle is maar net bly om mekaar te sien, Wellwitchia! |
| WELL: | Ek het nie met jou gepraat nie, DP! Wat op dees aarde het jy aan?? |
| MM: | (SIT MOEDELOOS.) Julle sal tog nie verstaan nie. Ek het al daai pakkies en nommertjies wat ek saamgegee is op 'n straatmark in die Kaap verkoop. En toe koop ek hierdie goed. Goedkoop! |
| DP: | Maar waarom? |
| MM: | Aag Paa. Ek het soos 'n ... kurkprop gevoel tussen die ander studente. |
| WELL: | En hoe voel 'n ... kurkprop? |
| MM: | Droog en uit!! Soos 'n slak in die Karoo! Daardie nommers het net nie gepas in die Kaap nie! |

WELL: Daardie "nommers" is met sorg uitgesoek, Marloezei!

INDEPENDANCE: En nogal uit Sunnyside se boutieks uit, né! Blerrie duur! en kommin!

MM: (STAAN OP EN MAAK 'N DRAAI.) Daar's niks met hierdie klere verkeerd nie. Om presies te wees dit lyk net soos jy in jou Kollegeklere van 1968, Wellwitchia.

DP: Ag nee regtig, Marloezei! (HY SKINK TEE.)

INDEPENDANCE: Maar dit is so, Meneer! Laat my julle wys! (SY HAAL 'N FOTO-ALBUM VAN DIE KASSIE AF.) Hier's Mevrou toe sy gestaan het vir Kollege Queen! Net so! Op hierdie foto het sy eintlik gelê. Mevrou se bene was net 'n bietjie dikker as Mossie s'n.

WELL: (SKIET AMPER 'N KORONÊR.) Independance!! Hoe durf jy in my goed krap! Bêre daardie album onmiddellik!

INDEPENDANCE: OK! Maar ek sê altyd, "A photo tells the truth where angels fear/tend to lie!?

DP: Kom, kom! Dis nou genoeg, Independance!

MM: Well, ek sê nou maar net. Ek voel hierin net soos ek.

INDEPENDANCE: Ja! Dis vir my ook so ... basic!

WELL: Ek gee nie om hoe "basic" jy daarin voel nie. Jy moet dink aan jou pa se beeld. Jy is nou in my huis en jy gaan trek vir jou ordentlik aan. Toe, toe, toe! Jou appelkoosrokkie is gestryk.

MM: (GEE HAAR 'N KYK EN STAP NA HAAR KAMER.) Hier gaan ons al weer!!

WELL: En Independance, jy gaan pak in!! Toe, toe, toe! (SY KLAP HAAR HANDJIES BEVELEND EN GAAN NA HAAR KAMER. OP TRAP BESEF SY DAAR IS NOG EEN.) En DP wat doen jy?

DP: Ek ... drink ... tee.

WELL: Dis sleg vir jou humeur. Independance, vat Meneer se koffie! (SY WAG TOT INDEPENDANCE DIE KOPPIE VAT EN VERDWYN NA HAAR KAMER. DIE TELEFOON LUI.)

INDEPENDANCE: Vat gou 'n sluk Meneer. Ek sal dit vat. (FOON OP BY LESSENAAR.) Dumela, good morning, dagsê! Dis die huis, it's the house ... wie? Ja. He is here! Hou net aan. (FOON VERSIGTIG VIR DP.) Dis die ANC.

DP: (OP. BAIE VRIENDELIK.) Hallo? O! How are you mister Mofoyane? (HY WYS VIR INDEPENDANCE OM TE GAAN MAAR SY BLY DAAR RONDHANG EN HOU HAAR BESIG MET TYDSKRIFTE REGPAK, ENS.) I'm fine, fine! As a mêtter of fêct piek"fine". (STILTE.) Yes, I'm Afrikaans ... why? O! Jy ook! Nou my magtig! O! Van Boshof af! Ek stem! Kom ons hou maar by die taal van die supressor - ek praat Engels soos 'n kompressor sonder 'n piston. En jy? O! All eleven? Die DP? (VERBAAS.) Waar hoor jy dit? Wel die persverklaring is veronderstel om eers môre drie-uur te wees. Natuurlik weet die NP dit nog nie. Besef jy hoeveel stemme ek gaan saamsleep. Besef jy dat ek hulle hele verkiesingsveldtog se strategie vir die laaste paar weke op die punte van my vingers ken? Hoeveel? (HY BEGIN LAG.) Nee wag ou boerie! Julle sal wragtag baie meer moet uithaal en wys voor ek oorloop ANC toe. (STILTE.) Ja ek was 'n prokureur - hoekom vra jy? Ja ek is nog op die rol. Justisie? Nou begin jy praat. Ek sê jou wat, verdubbel die bedraggie wat jy genoem het, dan klop julle die DP. Plus die adjunkskap dan praat ons weer. Nou goed, "consult" hom, ek wag. (HY DRUK DIE FOON TOE EN DANS 'N RIEL.) Yes, yes, yes, yes! Independance! (SY KOM NADER.) Boekie! (INDEPENDANCE GAAN HAAL 'N SWART BOEKIE UIT MENEER SE AKTETAS EN BRING DIT VIR HOM. WEER IN FOON, FORMEEL.) Hallo, ja? Bakgat, Meneer Mofoyane. Hier is die nommer en dan kontroleer ek dit môre. Goed. 'n Perskonferensie om vier-uur. Ja dan behoort die DP al bont te staan om te verduidelik waarom ek nie daar is nie. Goed. Hier's hy. (HY KONTROLEER DIE NOMMER.)

Zürich, Banke du Swiss no. 123456789 Z.A. (VRIENDELIK-GESLEPE.) Nee Meneer Mofoyane, ek sal julle nie verneuk nie. Die wêreld is klein! Totsiens! (FOON NEER. HY WIP UITGELATE DIE TRAP OP NADAT HY 'N TIEKIEDRAAI MET INDEPENDANCE UITGEVOER HET.) Yes, yes, yes, yes! Wellwitchia, Vanaand is 'n Aviance-aand! (VOORDEURKLOK LUI.) Independance! Voordeur! (AF.)

INDEPENDANCE: (NA VOORDEUR.) Daai flight is half drie en al wat ek nog in het is 'n "nighty", 'n poeierkwas en 'n panty. (SY PLUK DIE DEUR OOP. IN DIE DEUR STAAN 'N AANTREKLIKE VROU MET BAIE STYL. GEKLEE IN 'N NETJIESE PAKKIE MET 'N BYPASSENDE DUN AKTETASSIE. IS SY 'N KLEURLINGDAME?) Ja! Wat soek jy?

SARA: Mag ek binnekom? Asseblief.

INDEPENDANCE: Om te wat?

SARA: Dit is die woning van Meneer DP Du Toit-Du Preez LP, dan nie?

INDEPENDANCE: (EFFE TERUG.) Ja, vir wat wil jy weet?

SARA: (STAP NA BINNE.) Ek wil hom sien.

INDEPENDANCE: Jy kan hom nie sien nie, dis sy Aviance-aand!

SARA: (VERLOOR GEDULD.) Kyk! Ek gee nie om of dit sy Bloubul-aand is nie. Ek wil hom sien.

INDEPENDANCE: Luister! Nou praat jy van Heilige koeie!

SARA: (BRIESEND.) Dame! Ek wil mnr. Du Toit-du Preez spreek. Finale, shluss! Fertig gesprochen!! Uit en klaar!! (SY HOM SIT DOELGERIG IN 'N STOEL.)

INDEPENDANCE: (VRIENDELIK.) O! Nou verstaan ek! Jy's die Hollandse vrou met die daai hondevloekery! Die een met die Dalmations!

SARA: Verskoon my! Ek het nog nie eers masels gehad nie.

INDEPENDANCE: Wel as jy nie sy is nie, dan is jy die vrou van die SPCA. Dan't ek "bad news" vir jou, mevrou. My Meneer sê hy kry R6 400.00 'n maand van die Goewerment vir 'n Security System so hy soek nie jou verlepte Pittbull vir R150.00 nie.

SARA: (STAAN GESKOK OP.) Pardon?!

INDEPENDANCE: Luister! Ek gee nie om of hy 'n Pittbul of 'n "puke faced" Pardon is nie - my meneer soek nie 'n hond nie. Kry jou ry! (STOOT HAAR DEUR SE KANT TOE.)

SARA: (SKUD HAAR VAN HAAR LYF AF.) Kyk! Lyk ek vir jou soos 'n vrou van die SPCA?!

INDEPENDANCE: Nou hoe moet ek nou weet hoe lyk 'n SPCA-vrou wat heeldag 'n klomp honde gas gee?

SARA: (MET MOEITE BEHEERSD. Ek is nog nooit so beledig in my hele lewe nie!

INDEPENDANCE: (GESKOK. STILTE. DAN VAT SY VLAM!) O! Nou verstaan ek alles! Ek gaan "resign". Ek sweer! So! Jy's nou die nuwe meid!!

SARA: Wat?! (SY LIG HAAR TAS OM INDEPENDANCE AAN TE RAND.)

INDEPENDANCE: (PLUK DIE PLUIM UIT DIE KOPERKAN EN SLAAN NA SARA WAT DIE HOUE DEUR DIE VERTREK PROBEER ONTDUIK.) Ja, jou ou haai-polvaai-naweek-diens-dingetjie van die ryk mense! So "eksklusief" lat jy eintlik in die koerante adverteer! Sies! Ga!

SARA: (PLUK DIE PLUIM UIT HAAR HAND UIT.) Jou arrogante, voor op die prêm klein merrie! Ek sal vir jou foeter dat jy sewe dae deur die melkweg trek sonder dat jou broekrek weer jou bande raak. (SY SLAAN MET DIE AKTETAS, MAAR INDEPENDANCE PLUK HAAR AAN DIE TAS BY DIE VOORDEUR UIT.)

INDEPENDANCE: Voertsek net hier uit!! En as ek jou weer hier kry sit ek die Impi's op jou! Skoert! (SY SLAAN DIE DEUR TOE EN KLAP

HAAR HANDE SELFVOLDAAN SKOON.) Kyk ou koekie! My werk is my werk!! (SY GEE 'N KORT TOITOI) HoeHa!

DP: (AF VAN KAMER BO.) Haai! Hamba! Hou op raas! Independance, wat die hel gaan hier aan?

INDEPENDANCE: Niks om oor te worry nie, Meneer. Sommer 'n "insurance agent" wat vir Meneer wil kom pla op Meneer se Bloubulaand of so iets. Maar ek het haar mooi in Zulu verduidelik en sy sê sy verstaan nou alles en sy's jammer en sy sal volgende keer 'n afspraak maak.

SARA: (STAMP DIE DEUR OOP EN DAARMEE SAAM VIR INDEPENDANCE 'N PAAR TREE VAN DIE LANDING AF. DIT IS DUIDELIK DAT SY GROND GEPLOEG HET. WELLWITCHIA SE EEN AZALEA SIT AGTER HAAR OOR.) Is ... dit ... die ... huis ... van ... DP du Toit-du Preez?!?!

DP: (HOFLIK NADER.) Dit is korrek, ja.

INDEPENDANCE: (OP HAAR KNIEË VOOR DIE KOFFIETAFEL.) Djirre! Maar het die vrou nie ore nie?!

SARA: (BRIESEND MAAR ONDER KONTROLE.) Ek ... is ... Sara Brand.

DP: (BESEF NIE.) Ja?

INDEPENDANCE: En ek is Indepemdance Kumalo. So what?

SARA: Ek is Jan Brand se moeder.

DP: (NOG STEEDS ONNNOSEL.) U is Jan Brand se moeder? En??

INDEPENDANCE: En ek is Pres. Brand se suster. En?

WELL: (AF VAN KAMER MET KOMKOMMERS VOOR OË.) DP, wat gaan aan?? Wie remoer so? Ek het jou gesê dis komkommertyd!

MM: (KOM UIT HAAR KAMER. GEKLEE IN 'N BLOMMERIGE ROKKIE MET DAARDIE OUTYDSE GEKARTELDE SKULPERIGE KARTEL-

KRAGIES OM DIE NEK. SY LYK SOOS 'N PETRUSBURGSE SONDAGSKOOLDOGTERTJIE VAN STANDERD SES MET WIT SYKOUSIES EN WIT SKOENTJIES. AL WAT SY KORT IS 'N PANAMAHOED.) Sara! Ek glo dit nie! O dis so ... dis stunning! (SY VAL SARA OM DIE NEK.)

WELL. (SE KOMKOMMERBRIL VAL SJLIEP-SJLIEP OP DIE GROND.) Marloezei-Martinette!

DP: (FORMEEL.) Marloezei, Kan jy ons dalk inlig ...

INDEPENDANCE: Mossie? Wie de hel is die vrou??

MM: Maar dis Daan se ma! My mentor se ma!!

INDEPENDANCE: Die dokter se ma?

(WELL BEGIN STEUN SOEK BY INDEPENDANCE)

DP: (VERLEë.) Nou ja, né, nou maar nou ja, né!

MM: Ja! Wat maak jy hier?

SARA. 'n Kanselasie op die vroeë vlug. Ek staan toe daar en dink. Ek kan net sowel vroeër kom en kom inloer. Daan betaal net die taxi en hy bring die tasse.

MM: (EKSTATIES AF DEUR VOORDEUR.) Daan? Dis ongelooflik!

DP: (HERSTEL EERSTE.) Wel, wel, wel! Ons vra nederig om verskoning! Ons het waarlik nie geweet u kom saam nie, maar baie welkom! Regtig! Kom binne. Dis my ... (HY SIEN VIR WELLWITCHIA WAT AAN INDEPENDANCE SE ARM HANG.) Wellwitchia, maak toe jou mond, skat! (WELLWITCHIA MAAK SO.) ... vrou ...

WELL. (KOM BY.) O Ja! Aangenaam ...?? (HANDJIE UIT.)

SARA. (SIEN ONMIDDELLIK REGDEUR HAAR SNOBISME EN DURF DUS MEEWARIG GLIMLAG.) Sara.

WELL: Sara ...

SARA: (GROTER GLIMLAG.) Brand.

WELL: (BESEF NIE SY HET DIE FYN SPEL VAN SNOBISME TUSSEN VROUE REEDS VERLOOR NIE.) Brand ja! Natuurlik! Ek is Wellwitchia du Toit-du Preez, eggenote van my man, DP du Toit-du Preez, LP vir die voormalige NP maar nou vir die DP of die ANC! (SY GIGGEL VERSPOT.) Alles is so verwarrend, né! (SY NEEM HAAR NA DIE SITSTEL.) Maar kom sit gerus! (HULLE NEEM PLAAS OP DIE STEL. WELL BLY OORVRIENDELIK EN TRAP NOG 'N KEER IN DIE TJOL.) Soos ek altyd vir my vriendinne sê: "'n Regte leerstel sit darem lekker, né?" (SY EET HAAR KOMKOMMERSKYFIES)

SARA: Dankie. As ek mag vra, wie is die dame? (SY KNIK NA INDEPENDANCE.)

INDEPENDANCE: Ek is Independance en ek wens ek was dood. Sorry Mevrou. (SY NEEM DIE SKINKBORD.) Ek sal gaan tee maak. (OP PAD NA KOMBUIS.)

WELL: Sit tog net, DP.

DP: (SIT INSTINKTIEF OP DIE LEUNING VAN DIE STOEL.) Ja, natuurlik.

MM: (OP BY VOORDEUR MET JAN SE SAK.) Dis so wonderlik! Ek gaan "crack". Ek sweer! Pa hier is Daan.

DAAN: (IS BESLIS 'N KLEURLING. HY IS 'N SEMI-SANGOMA MET 'N KAFTAN, LEERSANDALE, 'N PONIESTERT MET KRALE EN 'N DOLOSSAKKIE OM SY MIDDEL.) Hoezit? (HY STAAN TROTS IN DIE DEUR.)

INDEPENDANCE: (LAAT VAL DIE SKINKBORD.) O Dirre!

WELL: (WORD NET EENVOUDIG FLOU OP SARA SE SKOOT LANGS HAAR OP DIE BANK.)

DP: (VLIEG GESKOK OP.) Oepsie!

(BLITSVINNIGE VERDONKERING)

(GORDYN SAK)

**(P O U S E)**

## BEDRYF II

(DIE REGISSEUR KAN DIE HANDELING LAAT DEURLOOP INDIEN SO VERKIES. OF GEDURENDE POUSE SAK 'N SKYFIESKERM EN NET VOOR DIE GORDYN OPGAAN WORD KOMIESE SKYFIES VAN DIE REAKSIES VAN DIE BETROKKE KARAKTERS OP DIE MAAT VAN KOMIESE MUSIEK VERTOON.)

(DIS ENKELE SEKONDES LATER. AS DIE LIG AANGAAN STAAN SARA MET HAAR AKTETAS BO-OP DIE BANK OF 'N STOEL DAAR NABY. WELL LÊ FLOU OP DIE BANK MET INDEPENDANCE DAARAGTER BESIG OM HAAR KOUD TE WAAI. MM SIT EN TJANK OP DIE TRAPPIE. DP PROBEER MM TROOS. DAAN STAAN ONBEHOLPE MET SY HANDE IN SY SAKKE TUSSEN DIE TWEE GROEPE.)

INDEPENDANCE: (VIR DAAN.) Haai Tokkelossie! Moenie net daar staan en speel met jou dolosse nie! Kom help hier.

DAAN: (NADER.) Ja, natuurlik. Vertrou my, ek is 'n dokter.

DP: My goeie heiden!

MM: Ek het dit geweet! Whaaa!

DAAN: (HAAL 'N ZOL UIT SY SAKKIE UIT EN STEEK DIT OP.) Bly net kalm! Ons sal haar nou bykry. (VIR INDEPENDANCE.) Jy - druk net so 'n bietjie haar neus toe.

INDEPENDANCE: (DOEN DIT INSTINKTIEF.) Wil jy die vrou nou nog versmoor ôk?

DAAN: (SIT DIE ZOL IN WELL SE MOND.) Nee, ek gee haar net 'n paar "puffs" laat sy "resurect"

INDEPENDANCE: Gee vir die vrou eerder salvolately!

| | |
|---|---|
| DAAN: | (GAAN RUSTIG VOORT MET DIE BEHANDELING OP WELL.) Salvolately?! Julle moet wegkom van daai "heavy chemicals"! Daai goed vreet 'n mens se slymvliese op! |
| DP: | (OP.) Wat ruik so? |
| DAAN: | Wat ruik hoe? |
| INDEPENDANCE: | (GESKOK.) O hel, dis gras! |
| MM: | Wat doen jy, Daan? Whaaa! |
| DP: | Watse gras? |
| DAAN: | Groen gras! |
| DP: | Ek kan ruik dit ruik soos gras. Maar watse gras? |
| SARA: | (AF VAN STOEL.) My magtag, Daan! Jy't my belowe jy rook nie meer die goed vir die "kicks" nie! |
| DAAN: | Maar ek rook dit nie vir die "kicks" nie. Ek gebruik dit vir medisyne! Ontspan tog net! |
| INDEPENDANCE: | Is die vrou nou nie al "totally opge"charge" en opge"puff" nie? |
| DP: | My goeie hemel! (HY GRYP DIE ZOL UIT WELL SE MOND EN GOOI DIT IN DIE TEEPOT. IN DIE PROSES BELAND DAAN OP WELL SE SKOOT.) Is jy nou heeltemal mal in jou kop! 'n Zol in my huis?! |
| DAAN: | Jis! Maar jou outop is "tense", Moossie! |
| MM: | Whaaa!! |
| SARA: | Sjarrap, Daan! |
| DAAN: | Maar vertrou my! Ek is 'n dokter. Kyk net hoe "resurect" sy! |
| WELL: | (KOM HALFPAD OP MET DAAN OP HAAR SKOOT. SY IS HOOG GEROOK EN BAIE TEVREDE MET HAARSELF. SY SING VROLIK.) |

Groen is die land van Natal! Die apie die krap aan sy ... (SY BEGIN LAF TE GIGGEL.) linkeroor en sy regteroor ... (Oë OOP. SY SIEN VIR DAAN OP HAAR SKOOT.) Hallo! Jy lyk groener as wat ek gedink het. (Oë WEER TOE EN SY SAK TERUG.)

DP: (AAN DAAN.) As jy nie omgee nie, sal jy asseblief staan. Jy besit my vrou se bekken!

DAAN: (VERLEë OP EN NA MM.) Askies, Oom.

DP: (VERERGD.) Ek is nie jou dekselse oom nie! Het ek miskien na jou tante gevry? (HY SIT BY WELLWITCHIA EN TIK HAAR LIGGIES OP DIE WANG.) Well, Well! Wellwitchia! (DAN HEELWAT STERKER EN HY GEE HAAR 'N DEEGLIKE KLAP.) Wellwitchia!!!

DAAN: "Holy Mo", maar jou outop is "violent". Raak hy maar so, Mossie?

MM: Bly net stil!

WELL: (KOM WEER BY EN SIEN DP, MAAR SY HERKEN HOM NIE HEELTEMAL NIE.) Hallo! Jis, maar jy's pienker as wat ek gedink het. En jy's lelik as jy lê!

DP: (KLAP HAAR WEER.) Wellwitchia!!

WELL: Né! When the tuff gets going, the going gets tuff! (SY GIGGEL VERSPOT EN GEE HOM 'N HELSE KLAP TERUG. HY VAL OP SY RUG EN WELL VAL TOT OP HOM.)

INDEPENDANCE: Pot shot! Keer vir jou wickets, Meneer!

DP: Wellwitchia! Ruk jouself reg!

MM: Ek is totally disgusted!

WELL: Maar jy's rof hé? Wie jy ookal is (SY BEGIN WEER SING.) Hou my vas en gryp my, Maak my vas en ... rape ... my!! (SY TREK HOM WEER OP EN AGTEROOR SODAT HY BO-OP HAAR OP DIE

BANK TE LANDE KOM. SY SAK WEER GIGGELEND TERUG OP DIE BANK.) Groen is die land van Natal ... Die apie ... ens.

MM: Sy's heeltemal getwalla! Ek skaam my oë uit my kop uit. Sies! (SY GAAN NA HAAR KAMER.)

DP: Jy praat van jou stiefma!

DAAN: Wag ek kom saam! (HY VOLG.)

DP: (SPRING TUSSEN HULLE IN.) Jy bly uit my kind se kamer uit!

DAAN: (VERDWAAS.) Hoekom? Ek is net haar mentor en sy soek troos!

SARA: Ja wat is nou daarmee verkeerd, Meneer DP du Toit-du Preez, liberale LP van die NP? Wat het jy teen my Daan?

DP: Ek ... ek ... ek ... kyk! Geen man gaan in my dogter se kamer in nie. As hy haar wil troos kan hy haar hier troos!

MM: (AF.) Pa is skynheilig!

INDEPENDANCE: Is julle nou almal onnosel? Julle kan mos sien Meneer wil hê Daan moet hom eerder kom uithelp met sy vrou. Kom help hier! (SY BEGIN WELL OPTEL.)

DAAN: Sôrrie, Oom!

DP: (ONTPLOF.) Luister! 'n Oom is 'n ding wie se protektoraat uitgehaal is. En ek is nie 'n Oom nie. Vat daar!

DAAN: (HELP VIR INDEPENDANCE MET WELL. HULLE STROMPEL NA DIE TRAP.) Sy sal nou regkom. Sy moet net leer om te "relax" - dis al. Miskien moet ek haar net 'n kalmeerkoekie gee.

INDEPENDANCE: Sjarrap! Jy gee haar niks - nie 'n pynpil of 'n "puff" nie. Ons vee haar gesig af en ons gee haar salvolately en klaar. Blerrie tokkelossie! (HULLE IS AF.)

DP: Ek is werklik jammer. Kry vir jou tee.

SARA: Ek dink daardie tee het 'n bietjie ver getrek as jy my vra!

DP: O ja! Wel ek weet nie wat om te sê nie ... Dit ... was 'n bietjie onverwags, dis al.

SARA: Dis heeltemal in orde. Ek kon jou seker gewaarsku het dat ek gaan saamkom.

DP: Nee, nee, nee, glad nie. Ek is bly dat jy spontaan saamgekom het. Jy's regtig baie welkom.

SARA: Is jy seker dit pas julle. Jou vrou lyk nie baie ingenome nie.

DP: Nee, daar's geen probleme nie. As dit nodig is bespreek ek vir julle 'n hotelkamer?

SARA: Ag so? Wat is dan so vreemd dat die vrou so tekere gaan?

DP: (VERLEë.) Wel ek moet erken ek ... dink nie sy het verwag dat ... wel ... jy weet ...

SARA: Dat my seun 'n Sangoma is nie?

DP: Wel ja! Dankie ja! Ek meen Marloezei het die heeltyd gepraat van 'n <u>dokter</u> en ... ek het gedink ... ek bedoel <u>Wellwitchia</u> het gedink ... en wel <u>Independance</u> het gedink ... eintlik het ons <u>almal</u> gedink ...

SARA: Dat Daan 'n stetoskoop-in-die-oor-witjas, witmus, witvel, mediese dokter is?

DP: Jy stel dit so blatant dat dit amper vulgêr klink!

SARA: Is dit nie tyd dat ons almal 'n slag reguit sê wat ons wil sê nie? Ek dink die tyd vir "double speak" is verby. (SY GAAN SIT.) En laat ek jou maar nou sommer reguit sê. In my party se bedeling gaan hierdie "sogenaamde" alternatiewe medisyne sterk figu-

reer in die mediese praktyk. Wie het in elk geval besluit dis "alternatiewe" geneeskunde?

| | |
|---|---|
| DP: | (SIT OOK.) Ja nee! Hoe dan nou ook anders né! |
| SARA: | (IRONIES.) Ja. Hoe dan nou ook anders né! Hierdie Afrika-medisyne het Daan geïnteresseer. Na hy sy tweedejaar medies voltooi het, het hy besluit om ten minste 'n jaar lank tradisionele Afrika-medisyne te bestudeer. |
| DP: | So, hy is 'n mediese dokter? |
| SARA: | Ja! Jy kan maar ontspan. Hy is besig met navorsing! |
| DP: | Maar dis bewonderingswaardig! |
| SARA: | En noodsaaklik volgens my party se toekomsvisie. |
| DP: | Jou party? |
| SARA: | Ja. Ek het gedink Mossie het jou gesê? |
| DP: | Dis duidelik dat Marloezei-Martinette baie dinge nie vir my gesê het nie. |
| SARA: | Soos dat ek streeksekretaris van die ANC in die Kaapse Skiereiland is? |
| DP: | Wragtaig? |
| SARA: | Lui die naam Sara Brand nou iewers jou klokkie? |
| DP: | Ja, natuurlik! Jy's die een wat die aand met die TV-onderhoud so lank ... |
| SARA: | Ja? |
| DP: | Wel, ... geredeneer het! |
| SARA: | Jy bedoel die een wat deur die programleier op 'n ongeskikte wyse stilgemaak is. |

DP: Wel, ja. Nou dat jy dit noem!

SARA: Ek wonder wat op aarde doen hy nou?

DP: Ja ... hy het net verdwyn né!

SARA: Presies.

DP: Ken jy vir mnr. Mofoyane? Hy is streeksekretaris van die ANC in ...

SARA: Kan ek jou help? Die Noord-Transvaalstreek.

DP: (LIEG LEKKER AAN.) Ja nee, ek ken hom goed! Ou vriend. In Boshof grootgeword!

SARA: Hy is my junior.

DP: O. Maar dis uiters interessant! Né! 'n Drankie?

SARA: As jy Glenfiddich het, dankie.

DP: Seker! (HY STAAN AGTER HAAR RUG BY RAKKIE EN PROBEER BLITSVINNIG VAN DIE PRINCE CHARLIE OORGOOI IN 'N OU, LEë BOTTEL GLENFIDDICH.) Darem interessant dat ons Boeremense uit Afrika so 'n Europese of Skotse smaak het, né?

SARA: Jammer om jou teleur te stel, maar jy vergeet ek is Daan se ma. Ek lyk miskien nie so nie, maar ek is wat julle mense noem, 'n opregte Kaapse Kleurling.

DP: Maar natuurlik! Ek bedoel daar is tog niks mee verkeerd nie. Ek meen die sakie is al selfs op ... diplomatieke vlak reggestel, né!

SARA: Ja, met Koornhoff en so nê! En kyk net die bohaai as jy "practice what you're told to preach", né!

DP: (GEE VIR HAAR DIE DRANKIE.) Daar's hy, darem maar 'n klas whiskey né! Soda?

| | |
|---|---|
| SARA: | Dankie, net ys. |
| DP: | Independance! |
| SARA: | Dis eintlik die hoofrede hoekom ek besluit het om vandag al te kom. Ons het môreaand 'n stemwerwingsvergadering op Boksburg. |
| DP: | Oepsie! |
| SARA: | Ekskuus? |
| DP: | Nee niks. (INDEPENDANCE VERSKYN OP DIE TRAP.) Independance, bring vir ons ys, asseblief. |
| INDEPENDANCE: | Reg Meneer. (SY GAAN NA KOMBUIS.) |
| SARA: | Ek is inbespreek in die Holiday Inn. Ongelukig net vir môreaand anders kon ek julle oornooi vir 'n Glenfiddich. (SY STAAN OP.) As u nie omgee nie, ek wil net gou skakel om vir vanaand te bespreek. |
| DP: | Nee regtig! Dis glad nie nodig nie. Jy slaap hier. Ek dring daarop aan! Baie beslis. |
| INDEPENDANCE: | (IN MET YSBAK EN GLAS WATER.) Nie in my kamer nie! Hy's te klein en ek deel my bed met geen vrou nie! Al was sy nou ook Madonna! |
| DP: | (OP.) Is jy nou waansinnig, Independance! Gaan maak vir mev. Brand die Ougoud-en-groen-gastekamer reg! Onmiddellik! |
| INDEPENDANCE: | (SIT DIE YSBAK MET MENING NEER.) Luister Meneer! Ek het net twee hande. En Mevrou daar bo is skoon dors gerook! |
| DP: | Doen dit dan net later! |
| INDEPENDANCE: | Dis sal nie nodig wees nie. Daai kamer is reg. (SY SING OP DIE TOYOTA WYSIE.) Altyd reg, Independance! (TERSY VIR DIE GEHOOR.) Sie! Dan's ek nog bilingual ook! |

SARA: Moenie bekommerd wees nie Indi ... wat is jou naam nou weer?

INDEPENDANCE: Noem my sommer Violet Mongosotho! I don't care.

DP: Independance! Gaan wys vir Mevrou haar kamer!

SARA: Toemaar ek sal die kamer kry.

INDEPENDANCE: Ja, gaan vat hom vir jou. Die hele een. Jy't hom mos eerste gesien. Just do what your party always do! (AF NA KAMER BO.)

DP: Ek weet nie wat in haar ingevaar het nie. Ek hoop nie sy't van daai tee ingekry nie.

SARA: Nee, hier staan dit nog. Sy is seker maar net oningelig.

DP: Sy is baie trots. Sy hou nie daarvan om deur enigiemand vertel te word hoe sy dinge moet doen nie.

SARA: 'n Zulu?

DP: Ja, hoe't jy geraai?

SARA: Politieke ondervinding. Die politiek het almal maar ietwat onkant gevang, né!

DP: Ja! Kry vir jou ys. (HY HOU DIE YSBAKKIE NA HAAR.) Maar alles sal nog regkom. Ek is positief.

SARA: Enigiemand in jou skoene wat nog steeds positief is, is ook oningelig!

DAAN: (KOM VERSIGTIG UIT OP TRAP VAN DIE KAMER BO.) Verskoon my, maar is hier iewers 'n plekkie waar 'n mens 'n draai kan loop?

DP: (INSTINKTIEF.) Ja seker! (HY WYS HOFLIK NA DIE KOMBUISDEUR.) Direk hierdeur en net links langs die kombuisdeur sal jy die ... tuin sien! Maar jy soek na 'n toilet. Jammer! Misver-

staan! (HY OMARM HOM NA AGTER.) Net af in die gang, die tweede deur regs! (DAAN AF IN GANG.) Sal jy dit kry?

DAAN: (UIT GANG.) Ja, ek weet hoe een lyk, dankie.

SARA: (BEGIN SPONTAAN LAG.) Alles sal regkom?? (SY LAG MEER.)

DP: (HOOGS VERLEË. DAN VERVIES HY HOM.) Ja! Alles kan regkom! Indien ons almal ons arrogansie van die verlede, die hede en dalk ook van die toekoms in ons plat finansiële sakke sal steek en mekaar met respek sal behandel sonder minagting van mekaar se bekwaamhede of kleinlike lekkerkry oor mekaar se swakhede van die verlede.

SARA: Pragtig! Jou retoriek is rasend!

DP: Jy staan en lekkerkry né! Nou goed! Kan ek jou 'n vraag vra mev. Sara Brand, streeksekretaris van die ANC in die Kaapse Skiereiland! Wat was jou reaksie toe jou seun met 'n NP LP se dogter, genaamd Marloezei-Martinette by jou huis instap?

SARA: Wil jy regtig weet?

DP: Ja! Wat het jy gemaak?

SARA: Ek het tee gemaak. (SY GAAN SIT.)

DP: Wat?

SARA: Ek het vir die arme kind 'n koppie tee gegee want sy was so gekonfoes en in 'n "state" van "selfdestruction" dat sy skoon "suicidal" was.

DP: En waaroor nogal?

SARA: (ERNSTIG.) Omdat sy 'n simpel Fisiologietoets gedop het en dit net omdat jy en Stapelia , of wat jou snob-vrou se naam ookal is, besluit het sy moet nou kwansuis Fisioterapie gaan swot net omdat dit "classy" is en jy weet net so goed soos ek die kind wou Drama swot.

DP: Jy sou 'n goeie ma vir haar uitgemaak het, né!

SARA: Wel, beslis. Daai kind lê nou vir tien minute en huil in haar kamer en wat doen jy of daai komkommerkouende Skarlaken-jaspisranker van 'n stiefma?

DP: (GESKOK.) Die vrou se naam is Wellwitchia!

WELL: (IETWAT DEUR DIE BLARE BO-OP DIE TRAP.) Met wie dink jy praat jy?

SARA: Ek praat met jou man, Daniel Petrus du Toit-du Preez, vyf en veertig jaar oud, die seun van ou Langlip Du Toit-du Preez, vorige LV vir Oudtshoorn. Jou man het vir prokureur studeer in Stellenbosch in 1968 en in genoemde jaar deelgeneem aan die Intervarsity teen Kaapstad. Op 28 Augustus het hy haker gespeel in die hoofwedstryd, loskop op die "party" daarna en vinnige vleuel die volgende dag terug Stellenbosch toe. (SY SKUD HAAR HARE LOS.) Lyk dit vir jou bekend?

WELL: Wie is hierdie vrou DP? Moeksie wil weet!

SARA: Toe, sê vir haar, DP. Moeksie wil weet.

DP: (HERKEN HAAR NOU VIR DIE EERSTE KEER EN SAK TERUG IN DIE BANK.) O hel!

WELL: (DREIGEND AF NA HAAR.) Wil jy insinueer dat my man jou ken? Ek smyt vir jou wragtig hier uit!

SARA: Kyk, ek laat my nie dreig nie! (SY STAAN OP.)

WELL: (GESWAAI, DREIGEND NA HAAR.) Luister, ou Suster! Jy ken nog nie vir my nie! My Ouma is kaalvoet oor die Drakens-berge.

SARA: Hoekom? Het die Zulu's haar skoene gesteel? (INDEPEN-DANCE VERSKYN BO-OP DIE TRAPPE.)

WELL: Wee' jy met wie jy praat?!

(MM VERSKYN IN DIE GANG AGTER HULLE)

SARA: Natuurlik weet ek met wie ek praat! Ek praat met jou, Wellwitchia Louw. Jy was gekies as Oudtshoorn se Kollegekoningin vir 1968, maar toe dop jy Liggaamlike Opvoeding in jou tweede jaar en toe kon jy nie in 1969 jou kroon opeis nie. En toe "strip" jou ou pa sy moer en hy stuur jou Stellenbosch toe om te loop manvang. In die eerste kwartaal al toe skop hulle jou uit en jy gaan werk in Tollies se bar om die skyn op Oudtshoorn te bewaar. En raai! Na 'n paar weke se "hop", "skip" en "jump" op die dorp se netbalbane en die geselligheidjies daarna sien jy die "prime-cut" stukkie vleis van Stellenbosch! 'n Treurende DP wie se vrou tydens Mossie se geboorte dood is. Hy dag nog hy speel heelagter toe loop hy hom "slap", "bang" in die dorp se woeligste middelsenter vas. Nog iets?

INDEPENDANCE: (LAG BO-OP TRAP.) Sie!! maar nou's jy gesê!

WELL: Paps, klap net hierdie vrou! Klap haar! Hoekom doen jy niks nie!

SARA: Nog so positief, Daniel Petrus du Toit-du Preez?

DP: Wellwitchia, laat ek jou voorstel. Sara was trompoppieleidster van die Universiteit van Kaapstad in 1968. Aan my voorgestel deur haarself as Sara Malan op die partytjie die aand en so aan my bekend tot ek op die bus hoor op pad terug Stellenbosch toe, sy is eintlik Sara Volstruis van Oudtshoorn. (SARA SIT.)

WELL: Beteken dit ... dat ... (SY SAK IN DIE STOEL IN.)

DP: Ja. Dit beteken dat ...

MM: Dit is "totally disgusting"!

DAAN: (OP UIT GANG.) Wat is nou "totally disgusting"?

MM: My pa ... en jou ... ma ... het 'n "affair" gehad! (SY STORM NA HAAR KAMER.)

DAAN: Sies Ma! Hoe kon Ma dit aan my doen?

INDEPENDANCE: Ag djirrlikheid! Begin alles nou weer van vooraf! (SY GAAN NA MOSSIE SE KAMER.)

DAAN: (OOK AGTERNA.) Gee vir Mossie 'n koekie!

INDEPENDANCE: (IN GANG.) Mossie het 'n koekie! Vreet jou eie koekie.

SARA: (OF.) Gaan nie een van julle met die kind praat nie? Sy's regtig ontsteld.

WELL: Independance! Gee my net 'n pil!

SARA: (HAAL 'N PIL UIT AKTETAS - OP PAD UIT NA MOSSIE SE KAMER.) Kry vir jou 'n Prosac, ou dier. (WELL SLUK DIT OUTOMATIES.)

DP: Net voor jy gaan, Sara. Ek dink daar's 'n paar "disgusting" goed wat jy nie heeltemal verstaan nie. Die Maandagmôre na die Intervarsity is ek uit die span geskop, my pa het my onterf nadat hy my gatvelle afgeslaan het en ek moes bid en smeek om op die prokureursrol te kom.

SARA: Nou hoe moes ek dit weet?

DP: Nee jy sal nie weet nie, want jy was te besig om met jou vurige vryery in die ongelooflikste posisies te beland.

SARA: Wat bedoel jy?

DP: Die arme ou Daan Brand, 60 jaar oud! Jy trippel sy bank in as liasseerklerk met jou trompoppierokkie. Twee weke later sit jy as sy privaatsekretaresse op sy skoot in die kantoor. Sewe wippe later en "kadwa!" jy is sy vrou. Jy't hom net so min liefgehad soos wat ek hou van komkommers.

SARA: Ag so! En hoe weet jy dit?

DP: Jy was nie eers op sy begrafnis die jaar daarna nie. Moenie dink dis net die streeksekretaris van die ANC in die Kaapse Skiereiland wat "info" het nie, Sara Volstruis - ek was lid van die NP!

WELL: DP, smyt net hierdie ... vrou ... hier uit!

SARA; Ek laat my nie meer uitsmyt nie - daai tyd is al lankal verby!

WELL; Ag voertsek!

DP: Hokaai nou, Well!

SARA: Moenie vir jou hoogheilig hou nie, Wellwitchia! Jou telefoon is nie baie veilig nie. Jou man is in die politiek, hoor!

WELL: (SKRIK.) Wat bedoel jy?

SARA: As ek begin praat val ou Hans die Skipper teen daardie muur se pyp uit sy mond uit! Ek gaan nou na Mossie toe. Daai kind is in 'n "state". Kry vir jou nog 'n pil - dit lyk of jy een nodig het. (SY GAAN AF NA MOSSIE SE KAMER.)

DP: Well, ek dink jy het iets om te verduidelik.

WELL: Ek het niks om te verduidelik nie.

DP: Ek gaan nie my humeur verloor nie, Well. Waarvan praat die vrou?

WELL: Laat ek eerder vir jou vra. Het jy daai vrou gevry?

DP: Kom ons doen dit eerder in styl, Well.

WELL: (BARS UIT.) Te hel met styl! (DAN GEMEEN.) O! Jy antwoord nie, né! Nou speel jy met my stomstreke!

DP; Hier is mense in die huis.

WELL: So what! Jy't nog altyd gevrek oor 'n vrou!

DP: Wou jy hê ek moes vrek oor 'n man? Soos jy?

WEL: Jy't jou skoon fiks gehol agter elke ou meisietjie aan wat gehoor het jy was die vleuel van Maties. En nou's jou asem uit!

DP: Well!

WELL: So hier en daar tel jou toks nog 'n dorinkie op maar om die eerste draai soek jy 'n "patch".

DP: Dit was laag, Well! Waar dink jy kruip jy uit? Jou Oupagrootjie was die oorsaak van die Xhosa-oorlog omdat hy geweerkoeëls aan die Xhosas verkoop as boompitte wat ysterpotte dra.

WELL: Ag so! So what? As hulle onnosel genoeg was om hom te glo! Jou oupa het diamante gesmokkel vir ou Rhodes.

DP: Aag man! Jou Ouma kon nie 'n man kry nie, toe vat sy 'n kakiekrimineel op die "rebound" en sy forseer hom om met haar te trou deur te sê hy het haar aangerand op die plaas.

WELL: Werklik!? Jou eie oom was 'n moffie.

DP: Dis nie waar nie! Hy was 'n konsertina musikus met smaak!

WELL: Hy het so vals gespeel dat sy vrou sy vingers met 'n "vicegrip" gebreek het.

DP: Ag so! Daai simpel neef van jou se vrou het hom jare lank DDT gegee en hy was te onnosel om dit agter te kom tot hy gevrek het.

WELL: En jou eie pa het jou ma met 'n dooie by gesteek, laat sy kan vrek van asemnood!

DP: Issie, issie, issie!

WELL: Dis waar! Hy't dit vir een van sy pêlle op die begrafnis vertel.

DP: Wellwitchia, nou is dit genoeg!

| | |
|---|---|
| WELL: | Ek begin nou eers warm word! Jy is 'n kortsnoetkandrasvark! |
| DP; | En jy is 'n sog! Slurp-slurp agter geld en status aan. Jy't gedag jy kry 'n skatryk volstruisplaas né! |
| WELL: | En toe kry ek net 'n volstruis! Ons sal nie in detail ingaan nie, né! |
| DP: | Wil jy weet hoekom? Jou laaste "face-lift" was nie 'n sukses nie, en jy is so maer dis net so goed jy vat 'n sinkplaatpad met 'n dunwielfiets. |
| WELL: | Dis duidelik dat jy teerpad verkies - al die pad afdraend en jy's nou nie juis gebou soos 'n dikwiel Hercules nie. |
| DP: | Is jy nou klaar? |
| WELL: | Ja. |
| DP: | Het dit jou innig laat lekkerkry? |
| WELL: | Dit het my meer innerlike genot verskaf as al die jare wat ek met jou getroud was. |
| DP: | Ek is bly jy sê was. |
| WELL: | O, baie beslis! Was! |
| DP: | So! Erken jy dit nou? Jy't net met my getrou vir die status en die geld. |
| WELL: | En jy was te onnosel om dit agter te kom. Siestog! |
| DP: | O nee! Ek het dit begin besef toe ek agterkom jy sou nooit jouself kon versorg deur te werk nie. Ek meen! Hoe dop 'n mens LO op Kollege? Doen jy 'n "split" in plaas van 'n "summer sault"? Wat gaan jy doen? Weer in die "bar" in Tollies werk? |
| WELL: | O nee, Ek gaan Botswana toe. Ek is reeds 'n burger daar - so goedgunstiglik gereël deur my dierbare man - indien die ver- |

kiesing nou skeefloop. Finansieel is ek selfversorgend, ou man. Het jy regtig gedink ons twee eet elke maand R4000.00 se kruideniersware op?

DP: (STAAN OP EN HAAL 'N BANDMASJIENTJIE UIT SY AKTETAS.) Ek wil hê jy moet mooi om jou kyk, Wellwitchia, Kepietchia, Kebitchia! (HY SKAKEL DIE MASJIENTJIE AAN.) Jy gaan dit alles verloor! Trala-la-la-la!

WELL: (PRAAT IN DIE MIKROFOON: VERMAKERIG.) Ek wil niks van jou hê nie, ou mannetjie gepannetjie se nieks-tieks-stannietjie!

DP; (MET MASJIEN.) As hier dan niks van waarde in die woonstel is nie, tel die stene. Hier is ongeveer 250 000 stene @ R1.00 per steen en dit beteken ongeveer R250 000. Wil jy niks hiervan hê nie?

WELL: (MET MASJIEN.) Nee! Absoluut niks! (SY SIT DIE MASJIEN AF.) Jy vergeet ek het 'n belegging van die arme straatkinders in Botswana! Dis meer as 'n halfmiljoen. (MASJIEN AAN.) Ek wil net die Mercedes hê!

DP: (MET MASJIEN.) Dis ongelukkig op my naam. (MASJIEN AF.) Ek sal jou wragtag laat arresteer vir diefstal. En ek glo nie jy sal jouself uit 'n diefstalsaak kan lieg met jou besondere hoë IK nie. En ek glo regtig nie regter Diamantstone sal val vir 'n "back-flip" na vyf nie. (MASJIEN AAN. HY IS REEDS BY DIE TELEFOON.) Ons kry vir jou 'n taxi. (HY SKAKEL.)

WELL: Ek ry nie in 'n taxi nie! Lyk ek miskien vir jou soos Elize Cawood?

DP: Nee pop! Jy sal iemand moet betaal om jou op te tel (TELEFOON OP) Hallo Springbok? 'n Taxi asseblief. Loopstraat 16, Gardeniapark, Nou! (FOON NEER.) Of wil jy Independance se fiets vat? Ek hoop jou balans is beter ontwikkel as in 1968. Darem 'n ou lelike landslaggie gewees op die bok né!

WELL: (VAT DIE BADMASJIEN BY HOM EN SIT DIT FINAAL AF.) Skattie, ek het genoeg geld in Botswana om 10 Mercedesies te koop. Ek vat beslis jou tjor tot by die lughawe en jy kan dit daar gaan haal. (SY VAT DIE SLEUTELS OP DIE TAFELTJIE.) Die sleutel is agter die voorwiel waar jy eintlik behoort te lê as ek "reverse".

DP: Het jy darem 'n prokureur? Of het jy net die melkman?

WEL: Oe! oe! oe! As jy so skerp was in die politiek was jou gesiggie lankal uitgeslaan op 'n muntstuk. Ek het die beste prokureur in Botswana. Hy gaan vir jou strip dat jy nie sal weet watter kant om te keer nie.

DP: Strip jy my, dan looi ek jou!

WELL: My prokureur sal vir jou nail! O ja! En ek wil nie daai "confused kid" van jou elke tweede vakansie by my op Plett hê nie! Jy sien, ek wil graag alleen wees as daardie "peroxided punks" my so tweekeer 'n week "the kiss of life" kom gee.

DP: Jy gaan Plett 'n slegte naam gee!

WELL: Ag siestog! Jy wil 'n land regeer maar jy weet nie eers daar's 'n vlooi in jou kooi nie. Moenie Saterdag na jou ou groot pêl by die rugby soek nie. Jean Malan sal nie daar wees nie.

DP: Jean??

WELL: Ja! Dis die probleem met julle agterspelertjies! Julle onderskat die vinnige flanke. Jy sit al jare op die reserwerakkie. Tatta! (SY IS UIT.)

DP: Oepsie! (HY SKAKEL 'N NOMMER.) Hallo juffie. Du Toit-du Preez hier. Abe Eckstein asseblief. Dankie. Hallo Abe! Ek het besigheid vir jou. Wellwitchia het huis verlaat en ek is haar ewig dankbaar. Goed. Sy kan die saak betaal. Opdrag 1: Stop alle kredietkaarte en tjekrekenings waarop sy tekenregte het. Gee haar so 'n uur om haar vlugkaartjie te koop. Opdrag 2: Skakel buitelandse valutabeheer en stop 'n tjekbetaling môre

uit die rekening van die straatkinderprojek by die hooftak van Volkskas. Hier is die Botswanabanknommer. (BOEKIE UIT.) 1968 362436. Belê dit in trust by jou en ons deel die rente tot hulle dit opeis. Opdrag 3: Wellwitchia is geen SA Burger meer nie. Handel die saak af asof sy nie gereageer het op die egskeidingsbevel nie. Teken aan sy is 'n Botswana-burger met geen regsbevoegdheid om eise teen my in SA in te stel nie. Dankie. Ek sit vir jou iets in jou trust. (FOON NEER.)

INDEPENDANCE: (HET REEDS DIE LAASTE GEDEELTE VAN DIE GESPREK AFGELUISTER.) Meneer, ek wil nou nie sê "veels geluk liewe maatjie" nie, maar van nou af sal hier vrede in hierdie huis wees. Daai vrou het deur Engelse komkommers gegaan soos Auntie Winnie deur 'n boks vuurhoutjies!

DP: Dankie Independance!

INDEPENDANCE: Ek dink Meneer moet met daai twee daar binne kom praat. Hulle is so diep "gedepress" soos 'n ouderlingspak op Potchefstroom.

DP: Watter twee?

INDEPENDANCE: Mossie en Daan, Meneer. Hulle "stress" en hulle "strike" 'n "depro" want hulle dink hulle is Vicky en Johan.

DP: Wie?

INDEPENDANCE: Vicky en Johan Esterhuizen, Meneer. Onthou Meneer nie daai fliek nie? Hulle dink hulle is broer en suster.

DP: (VERWARD.) Is hulle?

INDEPENDANCE: Wat?

DP: Broer en suster?

INDEPENDANCE: Maar dit moet Meneer mos weet.

| | |
|---|---|
| DP: | Nou hoe de duiwel moet ek dit weet? Ek was nie by toe hy gebore is nie. |
| INDEPENDANCE: | My "common sense" sê vir my Meneer was nie daar nodig nie! Dis nou een ding wat ons vrouemensgoed alleen kan doen. |
| DP: | O my magtag! Independance, roep vir mev. Brand. |
| INDEPENDANCE: | (NA GANG.) Mev. Brand! Meneer roep vir jou! |
| DP: | (GAAN SIT IN BANK.) Dit kan nie wees nie. |
| INDEPENDANCE: | Ek verstaan julle witmense rêrig nie! Dis tyd laat julle begin busry laat julle die "adds" op die bushokkies kan lees. |
| DP: | Asseblief Independance! Sjarrap net! |
| INDEPENDANCE: | Nee, moenie nou vir my kom staan en sjarrap nie. Julle is kamstig geleerd en als, en dit nogal in die Humanities! Maar dan laat vang julle vir julle so wragtig met 'n "traditional weapon". |
| SARA: | (IN AGTER.) DP, wat gaan aan? Wil jy werklik met my praat? |
| DP: | Ja. Ernstig! |
| SARA: | Ek het 'n beter voorstel. Ek dink jy moet eerder met die kinders ernstig praat. |
| DP: | (VERSIGTIG.) Het jy gesê kinder<u>s</u>? |
| SARA: | Ja, kinder<u>s</u>. |
| DP: | Kinders? Met 'n "s"? |
| SARA: | Met 'n "s", ja. Hoekom. Hang jou lewe nou af van 'n "s" soos Oidipus van ouds? |
| DP: | Van wie se kinder<u>s</u> praat jy nou? |
| SARA; | Is jy nou onnosel? Van myne en joune. |

| | |
|---|---|
| DP: | En wie is presies wie s'n? Hierdie kinders? |
| SARA: | Ek is nie so seker of jy die pa van Mossie is nie, maar ek weet ek is beslis die ma van Daan. Ek bedoel - ek was daar né! |
| DP: | En wie, as ek mag vra, is die pa? |
| INDEPENDANCE: | Van wie praat Meneer nou? Dit moet Meneer dalk eerder vir Mossie se ma vra - as sy sou weet, né! |
| DP: | Sjarrap, Independance! |
| INDEPENDANCE: | Dis nou die hoeveelste keer dat ek moet sjarrap! Daar sal 'n tyd kom wat julle wragtag vir hierdie Zulu-vrou sal moet begin luister. (SY GAAN AF NA KOMBUIS.) Ek meen ek word geïgnore en geïgnore soos oompie PW op die Swartvlei (AF NA MOSSIE SE KAMER). |
| DP: | Sara, ek wil 'n eerlike antwoord hê. |
| SARA: | Ek is nie so seker of jy dit wil hê nie! |
| DP: | Is dit so? |
| SARA: | Is wat so? |
| DP: | Jy weet wat ek bedoel. |
| SARA: | Nou goed dan. Ja. |
| DP: | Ja, soos in Ja? |
| SARA: | Ja, soos in Ja! |
| DP: | (SIT VERSLAE.) Hoekom het jy my nie gesê nie? |
| SARA: | (GLIMLAG.) Hoe kon ek? In 1968? Wat sou jy maak? Vir ons 'n woonstel in Parys langs Breyten en Yolanda in die Mount Marte bespreek? Ek twyfel. |

| | |
|---|---|
| DP: | Jy kon my darem die keuse gegee het. (INDEPENDANCE DEUR NA KINDERS.) |
| SARA: | Jy's 'n politikus DP. Ek hoef jou nie die hele aaklige geskiedenis te leer nie. Maar net dit: Daar was 'n tyd toe die staat vir die individu besluit het. Nou besluit die individu vir die staat. Vir die eerste keer in vyf-en-vyftig jaar het ons 'n keuse. Weet jy hoe moers lank is dit? |
| DP: | Dis 'n leeftyd. Is dit waarvoor jy geveg het? |
| SARA: | Ja. Net om te kan sê "ja" of te kan sê "nee". Dis al. Dis eintlik belaglik! Skrikwekkend belaglik! Neem jy my kwalik? |
| DP: | Nee. |
| SARA: | Dankie. (DIE STOF HET GAAN LÊ.) Jy het 'n oulike dogter. |
| DP: | Dankie. Jy ... het 'n "besondere" seun, of hoe sal ek sê. |
| SARA: | Jy bedoel seker jy het 'n "besondere" seun, of hoe sal jy sê? |
| INDEPENDANCE: | (HISTERIES OP.) O hel, Meneer! Julle moet kom help. Daai twee praat van simultaneous suicide! |
| DP: | Suicide!? Bly net kalm, Sara. (HY GAAN HAAL SY AKTETAS EN STAP VERBY DIE VERSKRIKTE INDEPENDANCE.) En jy bly hier. (AF.) |
| SARA: | Praat mooi met hulle DP. Jy weet hoe is 'n kind? |
| INDEPENDANCE: | Keer hulle! Meneer! O Djirre! |
| | ('N HELSE PISTOOLSKOOT KLAP IN DIE KAMER. INDEPENDANCE HOL NA SARA. MM GIL VERSKRIKLIK. DIE TWEE VROUE HIER GIL OOK.) |
| DAAN: | (IN KAMER.) Asseblief, asseblief! Net nie dit nie! (NOG 'N SKOOT KLAP.) |

| | |
|---|---|
| INDEPENDANCE: | (GRYP VIR SARA VAS.) Vandag is die hel los! (SARA GIL ONOPHOUDELIK. NOG TWEE SKOTE KLAP.) |
| | (MM EN DAAN KOM HISTERIES INGEHARDLOOP MET 'N PISTOOLSWAAIENDE DP AGTERNA. HY SKIET NOG TWEE SKOTE AGTER HULLE IN DIE GROND VAS. HULLE SKUIL AGTER DIE MEUBELS.) |
| DP: | (MIK NA DAAN.) So, jy wil selfmoord pleeg, né?! |
| DAAN: | Nee! Asseblief man! Ek meen ek is net 'n "peace loving" outjie. (DP SKIET NABY HOM EN DAAN DUIK ONDER DIE KOFFIETAFEL IN.) Seblief! |
| DP: | (DRAAI NA MM.) En jy blykbaar ook! |
| MM: | Seblief Pa! Ek wil nie meer nie! Ek sweer ! Njannies koepela! (HY SKIET NABY HAAR EN SY KRIMP INEEN OP DIE STOEL.) Whaaa!! |
| DP: | Waarvoor is julle nou bang? (HY SIT DIE PISTOOL OP DIE TAFELTJIE.) Daar's 3 patrone oor. Nou toe?! Is dit te wreed! Te bloederig? |
| DAAN: | (KRUIP ONDER TAFEL UIT, TERUG STOEL TOE.) SORRY, MAN. REGTIG. OK. |
| DP: | Ek is nou behoorlik gatvol vir snotkopkinders wat hulle ouers dreig met "ek gaan selfmoord pleeg, ek gaan selfmoord pleeg"! Hulle wil mos vrek! (GOOI VIR SARA 'N KUSSING EN VAT SELF EEN.) Help my Sara. Dan doen ons dit op 'n meer beskaafde manier. (HY SPRING OP MM EN DRUK HAAR GESIG TOE. SARA SPRING OP DAAN EN PROBEER HOM VERSMOOR. DIE VOORDEURKLOK LUI. ALMAL STOP 'N MOMENT EN SKREE "BINNE!". DAN WOEL HULLE VERDER.) |
| INDEPENDANCE: | (PLUK DIE DEUR OOP EN 'N VERSKROMPELDE MANNETJIE OF VREESLIKE BUTCH VROU KOM IN.) Wie soek jy? |

**(1)VROU/MAN(2):** (STAAR NA UITERS SUGGESTIEWE POSISIES WAARIN DIE 2 GROEPE VERKEER.) (1) Nee, ek hou ook van 'n lekker party, ek sê, maar dis nie my week vir vrouens nie. (2) Nee, ek is ook 'n ou vir Boeresports, maar my party sal my uitskop (HY HAAL SY AWB-LIDMAATSKAPKAART UIT.)

**INDEPENDANCE:** Dis nie wat jy dink dit is nie. Wie is jy?

**VROU/MAN:** Springbok. Het julle nie gebel vir 'n taxi nie?

**ALMAL:** Springbok? Loop wag in die kar!

**VROU/MAN:** (HAASTIG UIT.) OK! OK! Jammer! Ek meen ek doen ok maar net my job, ek sê!

**DP:** Hierdie speletjie is van vandag af verby. Verstaan julle dit? (MM EN DAAN GEE NET VERSKRIKTE KOPKNIKKE.) Hoe sê julle?

**DAAN EN MM:** Ja!

**DP:** Nou goed. (HY BÊRE DIE PISTOOL.) Dan is die ou sakie afgehandel. Die feite wat julle in die gesig staar is net eenvoudig dit. Marloezei! Ek en mev. Brand het mekaar in 1968 in die Kaap ontmoet en ... wel ... ons het saam g....

**SARA:** Ons het soort van 'n afspraak gehad ...

**DP:** Verstaan jy wat sy sê?

**MM:** Ja pa.

**DP:** En die dame daar is die ma van Daan. Verstaan jy dit?

**MM:** Ja pa.

**DP:** En die vermoede wat julle gehad het is die regte vermoede. Verstaan jy dit?

**MM:** Ja pa.

DP: Ek is dus jou vader, Daan. Verstaan jy dit?

DAAN: Ja pa.

DP: Enige vra van jou en Daan, Marloezei? (HULLE SKUD NET HUL KOPPE.) Nou goed. Wat hierso, Daan. (HY GEE HOM 'N PAK NOTE.) Gaan koop vir jou suster 'n stewige Ginger Square en gaan sorteer julleself uit.

DAAN: Dankie Pa. (HY KYK DIE NOTE). Jis, Pa! Dankie Pa!

DAAN: (MAAK SO.) Kom Sus! Ons outop is nogal nice, né!

MM: Ja! Dis nogal "nice" om 'n Sangoma vir 'n broer te hê! Kom, Daan! (HULLE GAAN HAND OM DIE LYF UIT.)

INDEPENDANCE: (VERSKYN VAN AGTER DIE BANK WAAR SY NOG SKUIL TEEN DIE "INVAL".) Ek dink ek gaan vir my tee maak. En 'n "phone call". Die wêreld hier in Pretoria is te violent. (AF NA KOMBUIS.)

DP: Kry vir jou 'n kalmeerkoekie.

SARA: Sal ons dit waag? Dit lyk of daar oreganum op is.

DP: Ek dink so, dit was 'n wilde dag!

SARA: Dankie. (SY KYK DIE KOEKIE IN HAAR HAND.) Deesdae se koekies is darem baie kleiner as in 1968 né?

DP: (KYK OOK.) Ja wragtag! (HULLE SIT.)

SARA: Ek sal my nie veel oor Mossie bekommer nie. Sy het 'n sterk gestel en is van nature meer liberaal as jy.

DP: Ag so! Jy praat met 'n ou wat môre lid word van die ANC.

SARA: Werklik?

DP: (BELANGRIK.) Ja. Ek en mnr. Mofoyane is besig met die finale onderhandelings.



1998 000 272 01

| | |
|---|---|
| SARA: | Jy moet nog net een ou sakie kontroleer en dan belê jy 'n perskonferensie vir môre 4 uur. |
| DP: | (OMVERGEGOOI.) Hoe weet jy dit? |
| SARA: | Ag my liewe aarde, DP. Het jy nou regtig gedink jy sal op <u>meriete</u> by die ANC kon inskakel? |
| DP: | Wat bedoel jy? |
| SARA: | Kyk, ek het baie lief geword vir Mossie. Ek kon mos nie toelaat dat haar arme pappie sonder werk sit in die nuwe Suid-Afrika nie. Ek het alles met mnr. Mofoyane gereël. |
| DP: | Is jy ernstig? |
| SARA: | Natuurlik! My party funksioneer pro-aktief. |
| DP: | En jy het dit alles net vir Mossie gedoen? |
| SARA: | Nee, ek sal darem nou nie so sê nie. Ek is lankal bewus van jou "bekwaamhede". |
| DP: | Bedoelende? |
| SARA: | Jy't van jongs af baie potensiaal gehad. Jy sal werk in die regsafdeling van die Minister van Justisie. Ek dink dit sal onwys wees om jou binne 2 jaar reeds aan te beveel as adjunkminister. Laat ons eers deur 'n afkoelingsperiode beweeg. |
| DP: | En wie sê ek wil? |
| SARA: | Ek sê jy wil! Jy het geen ander keuse nie. |
| DP: | O nee! Ek vat my pakket en ek tjaila! Ek het 'n ou klein belegginkie! |
| SARA: | Ag tog! Nie die bedraggie in Switserland nie? Wees nou realisties, DP. Switserland is mistig, koud en uiters onromanties in die winter. Dae aaneen reën, modderskoene, sneeu en sulke |

slapperige vleisies sonder behoorlike Karoobossiekruie! Die hele plek is vol gansmis!

DP: Lucerne is mooi! Was jy al daar?

SARA: Ag DP. Ek het my ook al 'n week of wat daar verveel. Na die tweede week sonder vriende en enige romantiese verbindinge het ek een nag op die houtbrug gestaan en ... wel so frustreerd geraak dat ... ek wel ... dit was 'n mooi brug, né!

DP: Het jy wragtag daai plek aan die brand gesteek? Ek glo dit nie! Waar sou jy in elk geval geld kry om te gaan?

SARA: My party het baie miljoene meer van die buiteland gekry as wat jou ou partytjie met belastings uit 4 miljoen wittetjies kon druk!

DP: O! So dis hoe dit nou eintlik werk!

SARA: Ja. Julle het ons mooi geleer! Ek stel dus voor ons laat Daan en Mossie in my woonstel in die Kaap bly en laat die kind tog drama studeer! Al wat Daan nodig het is 'n sterk vadersfiguur wat hom moet oortuig om nie sy "navorsing" so ernstig op te neem nie. Oor 'n jaar of wat kan ons hom aanstel by Gesondheid. Hoe klink dit?

DP: Hoeveel het jy?

SARA: Hoeveel het jy?! (DIE KOEKIES BEGIN HULLE VANG.)

DP: Genoeg vir so 10 jaar.

SARA: Genoeg vir so 25 jaar. As ons koop en nie huur nie.

DP: Plek?

SARA: Wel, as eerste keuse ... Provance. Naby genoeg aan Parys.

DP: En as tweede keuse?

| | |
|---|---|
| SARA: | De Rust. Suid-Kaap! |
| DP: | Terug na die wortels? |
| SARA: | Ja, En dis naby genoeg aan die see. |
| DP: | Korreksie! Naby genoeg aan Oudtshoorn. |
| SARA: | Met daai groot voëls! (SY WIEG SOOS 'N VOLSTRUIS EN LAG HEERLIK.) |
| DP: | Ons koop 'n volstruispaluis vir Sara Volstruis! (HY SKATERLAG OOK.) My koekie doen my goed! |
| SARA: | My koekie doen my nie goed nie! (HULLE SKATERLAG AL-TWEE.) |
| INDEPENDANCE: | (BAIE AGTERDOGTIG UIT KOMBUIS OP.) |
| SARA: | Ek wil 'n voorstel maak. |
| DP: | (HY LAG.) Nee! Wag wag wag! Ek wil 'n agterstel maak! (AL-TWEE WEER HISTERIES VAN DIE LAG.) |
| INDEPENDANCE: | Is julle OK? |
| SARA & DP: | (SOOS TWEE STOUT SKOOLKINDERS.) Ja, Hoekom? |
| DP: | (PROBEER SY "POSE" HOU. ERNSTIG OP.) Independance. Ek en mev. Brand het so pas besluit om na Switserland te vertrek vir 'n bosberaad. Dringende onderhandelinge moet gevoer word vir die voortbestaan van die nuwe Suid-Afrikaanse volk! |
| INDEPENDANCE: | Meneer? |
| SARA: | (OOK WANKELEND OP.) En as mnr. Mofoyane bel, sê Sara Brand sê alles is reg hy kan maar 'n persverklaring oor Meneer maak. |
| INDEPENDANCE: | En die kinders? |

DP: Hier's vir hulle die Nasionale Party se kaart. (HY GEE 'N KREDIETKAART.) Sê hulle moet koop wat hulle nodig het. Hulle kan die Mercedes by Jan Smuts gaan haal en hom DF Malan toe vat. Ek sal sorg dat hy by PW Botha kom en ek sal hom daar kry. Die sleutel is agter die voorwiel.

SARA; Hulle kan hierdie woonstel so op die "sly" verhuur en in myne in die Kaap gaan bly. Ons sal hulle bel. OK?

INDEPENDANCE: Nee! O nee! met so 'n deurmekaargeboerdery boer ek nie saam nie. Ek "resign" en ek tjaila! Ek het my reëlings getref.

DP: Hoekom? Alles begin nou net mooi regkom!

INDEPENDANCE: Hier's bôggerol reg! Meneer moet die telefoon betaal voor môre. (SY HAAL DIE TJEKBOEK UIT HAAR KOPDOEK.) Die tuindiensmense kom Woensdag. Meneer moet hulle tee gee en brood anders spit hulle net so voorlangserig! Die tandepasta is op en Mevrou het nie rys gekoop nie. Die swembad se chloor is op en die filter moet ge"backwash" word en die wasmasjien lek by die filter en ...

DP: Waarvan praat jy Independance?

INDEPENDANCE: Ek loop! Ek is nou al te lank die "pillar" van hierdie huishouding en die hele society. Ek "sustain" soort van die hele "business"! Ek vat Mossie se Mazda vir 'n bonus.

DP: Jy kan nie! Ons het nie so 'n kontrak nie!

INDEPENDANCE: Dis jou saak Meneer. Ek het daai "contract" al lankal in my kop!

DP: Nou waar wil jy heen?

INDEPENDANCE: Waar 'n vrou met "pride" en "tradition" nog kan veilig voel. En daar's net een plek in die hele land waar dit nog kan gebeur. (DIE VOORDEURKLOK LUI.) Toemaar! Ek sal daai deur nog een keer oopmaak. (SY KYK OP HAAR HORLOSIE.) Ja: Dis tyd.

Bly maar net so sit! (SY MAAK DIE VOORDEUR OOP EN RINA SNYMAN, GEKLEE IN DIE VOLLE MONDERING VAN DIE YSTERGARDE VAN DIE AWB STAAN IN DIE DEUR.)

RINA: Mirrag, ek sê!

DP: Goeiedag. Ek is DP du Toit-du Preez, LP vir die NP. (SY IGNOREER SY HAND.)

RINA: Rina Snyman. Ek het vanmôre gebel. (SY STAP NA SARA). En die?

SARA: Ek is Sara Malan van Pretoria. (RINA KYK HAAR OP EN AF).

RINA: Kyk ek praat nie met julle soort nie. (SY GAAN NA INDEPENDANCE. KYK INDEPENDANCE OP EN AF.) So! Jy's nou Independance?

INDEPENDANCE: Is so, ja. Dis nou ek daai! (RINA SIT HAAR HAND AGTER DIE OOR EN LEUN IN INDEPENDANCE SE RIGTING.) Mies.

RINA: (HERSTEL.) Dis beter. Het jy kroontjie?

INDEPENDANCE: Nee, mies!

RINA: En watter nasie is jy?

INDEPENDANCE: Zulu, miesies.

RINA: En jou bloedlyn?

INDEPENDANCE: Direkte afstammeling van Chaka!

RINA: Dis mooi! Sê my, gaan jy stem?

INDEPENDANCE: Nee, my nooi!

RINA: Dis nou mooi, so mooi! Het jy gepak?

INDEPENDANCE: Als.

| | |
|---|---|
| RINA: | Het jy vervoer? Jy ry nie saam met my nie, anders sal jy moet plat lê tot ons op die snelweg kom. |
| INDEPENDANCE: | Ja ek het 'n Mazda. Ek ry sommer agterna. |
| RINA: | Dis vir my mooi. So mooi! Ons gaan regkom. Ek en jy. Kom. |
| DP: | Verskoon my, maar waar gaan jy heen? As ek mag vra? |
| INDEPENDANCE: | (TROTS.) Hoe dan nou anders? Ek trek Orania toe! |
| DP : | Wat? |
| INDEPENDANCE: | Ja! Ek tjaila Orania toe. En onthou om die plek se ligte af te sit. Koebaai! (SY IS AF.) |
| DP: | Oepsie!! |
| | (VERDONKERING) |

---ooOoo---



BIBLIOTEEK · LIBRARY